# *Abraham*

Here seën jou.

2 Goeienaand, vriende. Dis 'n voorreg om weer terug te wees, vanaand, by die kerk om—om te praat oor die Woord, die Ewige Woord van die Ewige God van die Hemel. 'n Bietjie moeg, ons het—het twee dienste gehad vanmôre by die Christen Sakemanne se Gemeenskapsontbyt, die Here het ons grootliks geseën.

3 Iets het met my eie lewe gebeur dat dit, ek dit nooit sal vergeet nie. En so, ek's so dankbaar teenoor die Here in 'n bevestiging van—van wat ek vir die Here probeer doen, die Here het dit bevestig, dat dit Sy wil was. En—en jy weet hoe jy voel wanneer jy, iets gebeur soos daardie, laat jou baie goed voel.

4 Nou, ek het julle 'n bietjie laat gehou, ek's jammer daaroor. En—en ek het net gehaas, vanmôre het ek gedink ek vaar net baie goed, en ek het gesê: "Dis vyf-en-twintig minute voor elf," en die horlosie was gestop vir 'n uur, het Broer Demos gesê. So ek reken dis net hoe dit soort van gaan, julle weet, ons het net te min tyd, daar's soveel om te sê, en so 'n kort tydjie om dit te sê.

5 Môre-oggend, ek dink om elf of elf-dertig, wanneer die kerk verdaag word, moes—moes ek hiernatoe kom, weer, vir 'n boodskappie vir die kerk, as die Here wil, dis nadat die pastoor en almal klaar is met hulle oggendaktiwiteite en Sondagskool.

6 En dan is dit môre-aand, wat ons vir die siekes gaan bid, dit is as genoeg kom om dit te doen. Sien? Ons moet genoeg hê om 'n gebedsry te hou as ons vir die siekes gaan bid. Hier, die seun het nou die dag gesê toe hy gebedskaartjies uitgedeel het, nadat hy omtrent twintig gegee het, het hy gesê dis op, dat daar nie meer was nie. Kon nie meer kaartjies gee nie, daar was nie soveel nie. Dis omtrent hoe ons dit vind in 'n klein kerkie, julle weet, wanneer ons kerkdienste het. Sien, jy in die yslike groot gehoor inkom . . .

7 En dan, môre-aand, as julle enige geliefdes het wat voor gebid wil word, nou, ons beplan, as God wil, om môre-aand vir die siekes te bid, hier te wees om sesuur voor enige van die kerkaktiwiteite begin, kry vir julle 'n gebedskaartjie, en—en wees gereed vir gebed, môre-aand. Ons weet nie presies hoe nie, maar ons sal miskien vir hulle probeer bid reg af in die ry, of wat ook al die—die Here lei. En dan die volgende, volgende Sondagaand, weer, is nog 'n gebed vir die siekes, ons . . . as die Here voorsien, en wil.

8 En dan Woensdag is, Woensdagmiddag moet ek praat by die Ou Pisgah Tuiste; Broer Smith, ek dink, Smith, glo ek is sy naam, en 'n baie gawe broer. Ek het saam met hom oorsee

sendingwerk gedoen, en hy's net 'n wonderlike man. En ek dink hulle hou een of ander soort van 'n saamtrek daar, so ek sou volgende Woensdagmiddag daar praat, en dan terug wees hier vir Woensdagaand dienste.

9 En dan die volgende Maandag, probeer ons kyk of ons eendag daar tussenin kan en om by Broer Espinosa by San Bernardino uit te kom voor ons opgaan na Bakersfield, of, naby Bakersfield waar die ple-. . . Wat is die naam daarvan, Broer Gene? Visalia. Ek dink hulle het 'n ouditorium gehad, en dit tussen Fresno en Bakersfield gesit sodat hulle altwee skares kon kry, want daarbinne is daar mense van altwee stede wat wil kom, en hulle het dit net daar tussenin gesit by Visalia. So bid net.

10 En dan gaan ons van daar af reguit na Ohio, terug na die sneeustreek. En ons sal daar wees met die samewerking van die Gemeentes, en die onafhanklikes, en almal, saam in Ohio by die ouditorium. En dan by wat is die naam van daardie plek, Gene? Ohio? Middletown, Ohio, dis 'n basketbalsentrum.

11 En dan gaan ons van daar af in, glo ek, dis Monroe, Virginia, of iewers, daaronder, waar daar omtrent sewentien duim sneeu is, vanaand.

12 En dan kom ons terug van daar af, gaan na Bloomington, Illinois toe, die volgende week. En dan van daar af vir die laaste tien dae, agt of tien dae, na Chicago by die Lane Tech waarnatoe ons soveel keer gaan, wat geborg word deur die Volle Evangelie Christen Sakemanne.

13 Dan is ek een dag by die huis, en dan gaan ek na noordelike Brits-Columbië, bo waar die sneeu regtig diep is. En so, is ek dan daarbo by Grande Prairie, en ek dink die volgende is Dawson Creek, en dan Fort Saint John, dis die laaste stop voor jy by Anchorage, Alaska kom, vyftienhonderd myl ver in die oerwoud.

14 Dan, as die Here wil, kom ek terug, en gaan van daar af oorsee. En hoop dan om een of ander tyd terug te wees in die geboorteland hier volgende herfs, as die Here wil, een of ander tyd in die vroeë herfs van Oktober, November, as die Here vertoef, as Hy nie, as Hy my voor daardie tyd neem, sal ek julle aan die anderkant ontmoet. As Hy vertoef, sal ek met julle wees, ons sal opgaan om Hom te sien, sien, en opgaan om Hom in die lug te ontmoet. Nou, dit mag enige tyd gebeur, ons weet nie, ons kan net nie sê nie.

15 Maar, en ons is sendelinge. Ek het met sommige gepraat vanmôre, en hulle het gepraat van: "Wat dink jy van die Amerikaanse situasie hier?" Dis net soos alle ander, die sendelinge, ensovoorts, ons glo die—die herlewing is nou in die ander lande, die mense daar oorkant.

16 Daar's net omtrent, julle weet, daar's *soveel* visse in die meer, en wanneer die laaste een uitgevang is, is dit al. God sal nie 'n fratsliggaam hê nie, Hy sal nie 'n hand met ses vingers daaraan

hê nie. Sien? Dit sal wees, wanneer daardie Liggaam voltooi is, is dit al wat daar is. Sien? Maak nie saak hoeveel jy preek, of wat Hy doen nie, daar sal niks meer kom nie.

17 So, dis amper so in ons tuisland, vriende, dis 'n verskriklike uur waarin ons lewe, julle besef dit nie. Vra 'n ander evangelis, moenie net my woord vat nie, of kyk regoor die land, kyk waar julle die groot massas na Christus toe sien kom. Wel, jy kan uitgaan in Bombaai, Indië, en vir vyf minute fluit oor die Here, of vier of vyf woorde sê, en vyfduisend mense is daar, wat roep om gered te word. Dis reg.

18 En dan hier gaan ons aan van plek tot plek, en trek, en swoeg, en trek, en swoeg, dit doen net nie . . . Daar's net een ding wat die Amerikaanse mense kan doen, dis om 'n program daar oorkant te borg. Hulle het die geld hier, hulle het niks daar oorkant nie, en kan nie daarvoor betaal nie, maar hulle is beslis gewillig en wil hoor. Staan op die trappe, tienduisende wat waai, net: "As jy net nog vyf minute vir ons preek oor Jesus, net 'n paar woorde sê!"

19 Ek het dit gesê, ek sien daar's 'n Indiese vrou wat hier voor my sit, vanaand. En is jy—is jy van Indië? O, suid-Indië. Wel, daar's 'n groot geleentheid, as die Here wil, hierdie komende Oktober gaan ek onder naby Calcutta wees, en—en daarbo in Bombaai, en daarbo, miskien oorkant in Thailand, en ons hoop so. Die Here het regtig daardie dienste geseën. Jy sou nie toevallig by die Bombaai byeenkoms gewees het toe ek daar was nie, was jy? Jy het dit gemis. Reken jy het daarvan gehoor. ['n Broer praat met Broer Branham—Red.] Verskoon my? [Die broer sê: "Daar het vreemde dinge gebeur."] Is dit reg? Wel, dit was wonderlik. Dit was 'n groot diens daar, God het beslis julle mense geseën.

20 En ek sal nooit daardie diens daardie aand by Bombaai vergeet, solank ek lewe nie. Hulle—hulle, toe die Biskop van die Metodiste kerk my ontmoet het, en baie van die leiers, en—en hulle wou nie hê ek moet onder daardie borgskap kom waaronder ek was nie. En hulle . . . Ek het klaar hierdie arme vroue en mans se geld geneem om soontoe te gaan, en ek was seker ek sou preek terwyl ek daar was, in elk geval, as die bestuurder dit opgemors het met die—die reisplan, of die borgskap. Maar, o, goeiste, ek het nog nooit in my lewe soveel mense na 'n diens sien kom nie; en die burgemeester van die stad was daar.

21 En dis toe die blinde man sy sig ontvang het terwyl hy daar gestaan het, toe ek elke Mohammedaan uitgedaag het, en elkeen van hulle: "Kom, gee hom sy sig, en ek sal jou glo," sien. "Laat die God . . ." Hy was 'n aanbidder van die son, nou, sy oë was uit, hy het die skepping aanbid in plaas van die Skepper. Ek het gesê . . .

22 Ek was onder by die tempel van die Djaine, julle weet, en die—en die, en Boeddhas, en almal van hulle daar, hulle, sewe

of agt verskillende godsdienste, en elkeen van hulle teen Jesus Christus, en het nie daarin geglo nie.

23 So daardie aand, toe daardie groot uitdaging gekom het, daar het almal van hulle daar gesit, ek het gesê: "Nou, hier's 'n man wat blind was vir twintig jaar, en julle dink ek lees sy gedagtes," julle weet, heilige manne, julle weet, sovoorts, die aanbidders. En ek het gesê: "Julle dink dis 'n telepatie, dat dit sy gedagtes lees, vir hom sê wat sy naam was." Kon dit nie eens uitspreek nie, moes dit uitspel. Sien? En so, het ek gesê: "Dit was reg." En hy was 'n man wat twee kinders gehad het, sy vrou, en een seun was agt, en die ander een tien, of so-iets.

24 Ek het gesê: "Nou, julle het gedink dit was verstandstelepatie. Nou, as dit verstandstelepatie is, kom julle dan hiernatoe, ek weet niks van telepatie af nie, as dit is, julle is geniaal daarmee, ek weet niks van sielkunde af nie, kom julle hier en gee hom sy sig, en ek sal julle volg." Ek het gesê: "Die Mohammedaanse godsdiens so groot is, en hierdie Koran reg is," het ek gesê: "laat die Mohammedaanse priester dan hiernatoe kom en hom sy sig gee, en ek sal 'n Mohammedaan word." Sien?

25 Ek het gesê: "Nou, ek daag julle uit, elkeen, in die Naam van Jesus Christus, om hom sy sig te kom gee." Ek sou dit nooit gesê het as ek nie 'n visioen gesien het, dat hy sy sig sou ontvang het nie, maar ek weet waar dit was. Dit was die stilste klomp wat julle ooit gehoor het, duisende, wel, dit het my twee ure geneem om deur te gaan in 'n outomobiel om daar te kom.

26 En so, die man wat daar gestaan het, en ek het gesê: "Hy het gesê hy sou die God dien wat hom sy sig gegee het." Ek het gesê: "Dis 'n yslike groot uitdaging vir die Mohammedaanse godsdiens, Boeddha, Djaine, Sikhs, of wat dit ook al mag wees, daar is dit." So, niemand het beweeg nie. Ek het gesê: "Waarom is julle so stil?"

27 Ek het gesê: "Weet jy waarom hulle nie kom nie? Is omdat hulle dit nie kan doen nie. En ek kan ook nie, maar die God van die Hemel het Sy Seun opgewek, Jesus Christus, Wie se getuie ek is." Sien? Ek het gesê: "Ek het 'n visioen gesien dat hy—hy sy sig gaan kry." En ek het gesê: "As hy nie sy sig kry nie, dan is ek 'n valse profeet, jaag my uit Indië uit. As dit is. . .as hy wel sy sig kry, nou hoeveel van julle sal Christus as persoonlike Verlosser ontvang, en vergeet van jou Mohammedaanse profeet, ensovoorts?" Net so ver as wat jy sien, massas hande, duisende der duisende. Daar was dit, dis reg.

Ek het vir hom beduie, ek het vir die vertaler gesê, ek het gesê: "Moet dit nie tolk nie."

28 Ek het gesê: "Hemelse Vader, dis weer 'n—'n Berg Karmel." Ek het gesê: "U wou nie dat U Woord verslaan word nie, want U het my die man gewys wat sy sig sou ontvang." Ek het gesê:

"Laat die God Wat my die visioen gewys het van sy oë wat geopen word, laat Hom die oë oopmaak." En hy het gegil, en daar kon hy sien so goed as wat ek kan, enigiemand anders, hy het na die burgemeester van die stad toe gehardloop.

29 Ek moes die platvorm verlaat, ek het nie skoene gehad toe ek daar uitgekom het nie, en sakke was van my klere af. En hulle het yslike groot toue mense gehad, ek—ek reken die wagte, of iets, het daardie lang stokke gehad, julle weet, hulle weggehou soos daardie. En daardie mense sou oor hulle voete hardloop, onder hulle bene deur, net om jou aan te raak, bo-oor hulle rug gekruip. Ek moes die stad verlaat, het nie eers, ons kon nie uit die stad uitkom nie, omdat ons nie beskerming gehad het nie.

30 En daardie man het getuig voor die goewerneur, of, die... Wat is...? President, ek dink is dit, daarbo. En die burgemeester van die stad was getuie daarvan, ek het sy naam gehad, ek het dit nou in een van my sakke, dink ek, onder in die motel, een van die sakke van my baadjie.

31 En hulle het my genooi na wat toe? Nieu-Delhi? Nieu-Delhi? Nieu-Delhi, dink ek is dit, waar hulle 'n amfiteater daar het, hulle 'n miljoen mense daarin kan huisves. So, ek hoop om terug te gaan. Hy's nog steeds God. Amen. Hy verander nooit nie. Die uur kom.

32 En soos ek vanmôre in die praatjie gesê het, as 'n man ooit in daardie lande ingaan en die nood van daardie mense vind, dan voel ons skaam vir onsself. En daar's manne daar oorkant wat die Evangelie verkondig, wat ons kerkie soveel ondersteun as wat ons moontlik kan, party van daardie manne wat die Evangelie verkondig sonder enige skoene aan. Dis reg. Sendelinge wat die Evangelie verkondig met geen skoene aan nie, miskien 'n bordjie kerrie omtrent twee keer 'n week, wat hardloop deur oerwoude, en oral, om die Evangelie te probeer verkondig, en ons bou sesmiljoen-dollar geboue, en, asof ons vir altyd hier gaan wees, en wat verkondig dat die Koms van die Here op hande is, maak nie sin vir my nie. Ek—ek—ek—ek wil nie daarmee begin nie, ons is besig met 'n ander onderwerp, sien.

Nou, gisteraand...

Voor ons die Woord nader, laat ons die Outeur nader in gebed. Laat ons ons hoofde buig.

33 Ons Hemelse Vader, ons is weer vergader, vanaand, in die Naam van die Here Jesus Christus, ons liefdevolle Verlosser, U Seun. Ons het vergader in Sy Naam, omdat Hy belowe het dat as twee of drie in Sy Naam sou vergader, en enigiets sou vra, oor een saak, sou hulle dit ontvang. Nou, Vader, ons is meer as daardie getal, maar dit wys net dat U gewilligheid is om die Kerk te ontmoet, maak nie saak hoeveel dit in die minderheid is nie, U sal steeds U mense ontmoet. En ons bid, vanaand, dat U sal kom en ons sal seën.

34 Môre, Sondag, sal duisende preekstoele môre oop wees om die wêreld, God, party van hulle is alreeds oop in die ander lande, dis Sondagoggend in ander lande, ons bid, Vader, dat U U predikers sal salf, oral. Salf U sendelinge waar hulle ook al is. U diensknegte wat vir die siekes bid, God, mag hulle so gesalf wees dat groot tekens en wonders gedoen sal word, oral, in elke man van elke kerk, en elke fase van Christendom.

35 Here, mag daar 'n tyd kom dat God Sy Gees sal uitstort op so 'n manier, dat die kritici gestuit sal word, en die Kerk van die lewende God vergader sal word, soos 'n hen wat haar kuikens versamel. Skenk dit, Vader.

36 Ons bid vir hierdie kerk wat die deure oopgemaak het om ons hier in te bring. Ons bid dat U die pastoor sal seën, die Sondagskoolonderwysers, die koor, en al sy aktiwiteite, sy lekedom, sy diakens, trustees, wat ook al. Mag in die oggend, wanneer hulle vergader vir die Sondagskoolklas, mag groot tekens en wonders gedoen word, mag die Heilige Gees in die gebou val, 'n herlewing begin, neergefel onder die krag van God, wat oor die vloere lê, oral, net 'n voorbeeld in die dorp wees wat God kan doen wanneer Sy mense bymekaar kom en hulleself vergader om te bid.

37 Kyk af, vanaand, op hierdie Indiese broer, en hierdie vrou, en die kindertjies, so dankbaar, Here, dat—dat—dat hulle hier by ons is, vanaand, net om ons te wys, Here, dat dit waarlik in die Boek geskryf is dat God geen aannemer van mense is nie. En U—U—U is eerbaar teenoor hulle wat U sal aanbid en U vrees in alle nasies. Ons is so dankbaar hiervoor, dat U 'n universele Vader vir ons almal is, 'n Ewige Vader. En ons bid, Here, dat U U Ewige seëninge op ons sal afstuur, vanaand.

38 Vergewe ons ons sondes, soos ons hulle vergewe wat teen ons gesondig het, mag daar nie een wortel van bitterheid oor wees in ons harte, êrens nie. Mag die Heilige Gees ons lewens reinig en ons gewete dat hierdie Woord, wat ons gereedmaak om te bring, kan uitkom gesalf deur die Gees. Mag Dit. . . U die lippe wat praat besny en die ore wat hoor, dat Dit nie op die vlak grond mag val nie, of op rotse om weggedra te word deur die—deur die voëls van die lug nie, maar mag Dit val in goeie, ryk grond van geloof en honderdvoudig voortbring. Skenk dit, Here. Ons vertrou dit alles toe aan U, en onsself daarmee saam, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

39 Ek het self hierdie boodskappe geniet, wat ek uit hulle kry oor Abraham. Dis 'n. . . Geniet julle dit? Abraham. En deur dit te benader, weet ek nie wat jy gaan sê nie, want die Heilige Gees lei net van een ding na 'n ander. En ons geniet dit beslis. Ons, gister, eergisteraand, het ons hom gehad toe hy deur God geroep is; gisteraand toe ons hom gesien het, het hy homself afgesonder van. . . volle gehoorsaamheid. En ons vind dat jy nie

geseën kan word en God niks vir jou kan doen, voor jy Hom heeltemal gehoorsaam nie.

40 Nou, daar sou net 'n klein instruksie wees wat ek vir die siekes kan sê: Jy mag hiernatoe kom, voor gebid word, jy mag Engele hê om hande op jou te lê, en dit sal nooit een ding aan jou doen, totdat jy dit eers glo, en dit aanvaar, en dit bely nie, want Hy is die Hoëpriester van ons belydenis. Ons moet dit eers bely, voor Hy dit kan getuig voor God, want Hy's die Hoëpriester, daar om voorspraak te maak volgens ons belydenis van wat Hy vir ons gedoen het.

41 Nou, wat is Goddelike genesing? Beteken dit, nou, dat ons moet wag tot môre-aand om genees te word? Nee, meneer.

"Moet ek na die kerk toe kom?"

42 Nee, meneer. Die oomblik wat jy God glo en dit aanvaar as jou persoonlike eiendom, is dit net daar volbring. Reg.

"Wanneer is ek genees, Broer Branham? Ek is verlede week gered; Ek is eergisteraand gered; tien jaar gelede."

43 Jy is negentienhonderd jaar gelede gered toe Jesus vir jou gesterf het op Gólgota. En elke verlossingsseëning wat God vir jou het, het Jesus by die kruis gesê: "Dit is volbring." Alles is klaar betaal. Net soos, jy in die pandjieswinkel was, en God gekom en jou uitgehaal het.

44 O, pragtige les daarin, ons mag volgende week daarby uitkom van Rut en Naómi, die bloedverwante losser. Dis 'n pragtige les. Soveel. . . Die hele Bybel is pragtig, en net alles Daarvan omdat Dit die Woord van God is.

45 Nou, die oomblik wat jy jou genesing of jou verlossing kan aanvaar, as jy in die straat afloop, as jy is, waar jy ook al is, die oomblik wat jy dit aanvaar, dis wanneer jy omgedraai word.

46 Ek het die gras hier gesny omtrent 'n jaar gelede, in my erf, en—en ek het probeer, partymaal moes jy my oorpak aantrek en 'n paar rondtes sny, dan kom iemand in, jy sal vir hulle moet gaan bid, by die agterdeur uitgaan en aantrek en terugkom. En my petrol het net opgeraak, en so het ek op die stoep begin opgaan, en ek het 'n ou, ingeduikte bakkie voor die huis sien stop, en 'n man het in die straat aangestap gekom, daar, die klein oprit, en hy het gesê: "Ek soek na Broer Branham."

En ek het gesê: "Ek is Broer Branham."

Hy het na daardie oorpak gekyk, en alles, hy het gesê: "Ja, meneer?"

Ek het gesê: "Dis reg."

En so, het hy gesê: "Wel, Broer Branham, ek wou jou net vir 'n oomblik sien, ek reken jy's besig."

Ek het gesê: "Nooit te besig om oor die Here te praat nie."

En hy het gesê: "Wel. . . "

Ek het gesê: “Wil jy nie inkom nie?”

Hy het gesê: “Nee, ek sal net hier op die stoep sit.”

47 Hy het gesê: “Broer Branham,” hy het vir my gesê van waar hy was, hy het gesê: “Ek is gebore en—en toegewy, of getoë,” wat hulle dit ook al noem: “as ’n Lutheraan,” hy het gesê: “reken ek, toe ek ’n klein seuntjie was. Dit was die laaste keer wat ek ooit kerk toe gegaan het waarvan ek weet, tensy my ma my een of ander tyd geneem het waarvan ek niks geweet het nie.”

48 Gesê: “Ek’s getroud,” baie goeie sakeman, gesê: “Ek het baie dinge gehad, baie. . . ’n goeie motorbesigheid, en ek het baie geld gemaak.” Gesê: “Eendag het my vrou afgegaan na die Pinksters toe,” ek gaan dit aanhaal soos hy het, gesê: “afgegaan na die Pinksters toe, en die Geeste op haar gekry.” En gesê: “Sy” het gesê: “sy het ’n—’n goeie lewe gelei.”

49 En gesê: “Sy het na my toe gekom en my probeer kry om te gaan, en die Geeste op my te kry, en ek het gesê: ‘Nee,’” gesê: “ek het gesê: ‘Skat, as jy wil gaan,’” gesê: “‘gaan jy maar, in elk geval.’” Gesê: “‘Nou, onthou, as jy jou lewe verander. . .’”

50 Gesê: “Ons—ons het ’n gewone, Amerikaanse lewe gelei, skemerkelkiepartytjies, danse, dronk, en alles.” En gesê: “Ek was bly om haar te sien regkom.” Gesê: “Sy het, dit het ’n ander persoon van haar gemaak.” En gesê: “Ek het gedink: ‘Wel, as—as sy dit doen, is ek—is ek baie bly dat sy dit doen.’”

51 En hy het gesê: “‘Nou, jy het die tjekboek, enige tyd wat jou kerkie enige geld nodig het, jou naam is net so goed op die tjek soos myne, gaan voort, skryf hulle uit.’” En gesê: “‘Maar vir my, ek—ek’s nie godsdienstig nie,’” Gesê: “‘As jy godsdienstig wil wees, gaan voort.’”

52 En gesê dat: “Wel, sy was in daardie kerkie vir omtrent ’n jaar.” En gesê: “Hulle het ’n konvensie gehad bo in Tennessee.” So, ek veronderstel dit was die Kerk van God van Profesie, dis waar hulle—hulle hulle konvensies daarbo hou. En so, hy het gesê dat sy soontoe gegaan het.

53 En gesê: “Ek het ’n motor verkoop, in, buite in die—die lokaal,” en gesê: “aan ’n paar dames,” en gesê: “Ek het my jas aangetrek, somertyd,” gesê: “na hulle toe gestap om my transaksie te beklink.” En gesê: “Toe ek teruggekom het, het ek toevallig gedink, het ek daardie vrou daardie tweede stel sleutels gegee? En ek het my hand in my sak gesteek,” en gesê: “ek het ’n klein vierkantige kaartjie daarin gekry, wat ’n vraagteken gehad het, en op die agterkant daarvan, gesê het: ‘Waar gaan jy die Ewigheid deurbring?’” Wel, hy het gesê: “Ek het gekyk en ek het gedink: ‘Wel, ek wonder wie het dit in my sak gesit?’ En dit net oorkant in die vullismandjie gegooi.”

54 En gesê: “Iets het vir my gesê: ‘Maar dit moet beantwoord word,’” en gesê: “Ek het my hand uitgesteek, dit weer opgetel,”

en gesê: “Ek het begin bewe, en ek het gedink: ‘Dis reg. Ek is oor veertig jaar oud, so ek behoort uit te vind waar ek dit gaan deurbring.’”

55 En gesê—gesê: “O, nou kyk hier, jy raak net ontsteld.” So hy het dit weer neergegooi, probeer omdraai, die waaier aangeskakel, ensovoorts, en gesê hy het weer teruggekyk daarna, dit het net bly lui in sy hart: “Waar sal jy die Ewigheid deurbring?” Hy het dit die derde keer opgetel. En gesê dit het hom so senuweeagtig gemaak dat hy net nie eens kon. . . hy het huis toe gegaan.

56 Gesê hy het gehoor dat die beroemde evangelis, Billy Graham, net een staat van hom af was, besig om ’n diens te hou, gesê hy het na daardie diens toe gegaan, gedink hy sou daaroor praat met Mnr. Graham. En gesê: “Mnr. Graham het ’n noemenswaardige boodskap gehad daardie aand, en hy het gesê: ‘Almal wat Jesus Christus wil ontvang, staan op en steek julle hand op.’”

57 Gesê: “Ek het opgestaan, my hand opgesteek.” Gesê: “Hulle het my in die kamer ingeneem, en vir my gesê: ‘Het ek geglo dat Hy die Seun van God is?’ En ek het gesê: ‘Ja, ek glo.’ En hulle het vir my gesê, volgens my geloof, dit my ’n Christen gemaak het, en gesê: ‘Dis nou alles verby.’”

Hy het gesê: “Broer Branham, maar dit was nie alles verby nie.”

58 En hy het gesê: “Ek het uitgegaan, en toe het ek na ’n ander plek toe gegaan, en die mense word die Vrye Metodiste genoem.” En gesê: “Hulle het vir my gesê ek moet geheilig word, en bly word en skree, dan sal dit alles verby wees.” En gesê: “Hulle het by my gebly,” en gesê: “ek het bly geword, geheilig, en uitgeroep, en dit was. . . ” Maar gesê: “Hulle het vir my gesê: ‘Dis alles verby.’ Maar,” gesê: “dit was nie.”

59 En gesê: “Toe het ek na ’n beroemde Pinksterbroer toe gegaan, wat heen-en-weer deur die volk gaan,” een van die grootste Pinkstergroepe, en gesê: “hy het gesê: ‘Het jy al ooit in tale gepraat?’ ‘Nee.’ Gesê: ‘Dan het jy nie die Heilige Gees ontvang nie.’ Gesê: ‘Gaan dan agter in die ander tent in, en ontvang die Heilige Gees.’”

60 Gesê: “Hulle was baie gaaf met my, het met my gewerk, en alles.” En gesê: “Ek het daarbinne gebly, daar was party van hulle wat laat in die nag by my gebly het.” Gesê: “Uiteindelik, het die krag op my geval, en het ek in tale gepraat.” En gesê: “En ek het uitgekom,” gesê: “die evangelis, ek het hom die volgende dag gaan sien, hy het gesê: ‘Dis alles verby.’” En gesê: “Broer Branham, dit was nie alles verby nie.”

61 En hy het gesê: “Toe het ek—ek van daar af gegaan na die, van daar af,” het hy gesê: “het ek—ek gegaan na die *Stem van Genesing*.” En gesê: “Toe ek by die *Stem van Genesing* gekom

het," gesê: "het ek by al daardie broers daar gekom," en gesê: "hulle het vir my gesê dat ek die skeidingslyn oorgesteek het in my lewe, dat daar geen plek vir my was nie. Gesê: 'Die enigste een wat jou kan uitsorteer,' gesê: 'gaan sien vir Broer Branham, hy's 'n profeet.'" Nou, dis verkeerd, maar: "Hulle het gesê: 'Hy—hy's 'n profeet, hy sal in staat wees om af te kyk en te sien waar jy die lyn oorgesteek het, en miskien sal jy teruggaan en iets doen, daar's iets wat jy nie gedoen het nie, of, jy beter hom gaan sien.'"

Hy het gesê: "Broer Branham, hier is ek."

62 En ek het gesê: "Wel, Broer," ek het gesê: "ek's nie 'n profeet nie." Ek het gesê: "Maar die Here laat my dinge onderskei om die mense te help, 'n klein, nederige gawetjie." Ek het gesê: "Maar ek—ek noem myself nie 'n profeet nie." Ek het gesê: "Maar—maar jy het nie 'n profeet daarvoor nodig nie, jy moet net reggehelp word, dis al. Jy moenie . . . "

63 Ek het gesê: "Nou, ek wil vir jou iets vra." Ek het gesê: "Wat Billy Graham vir jou gesê het, was die waarheid," en ek het gesê: "en wat die Metodiste vir jou gesê het, was die waarheid, en wat die Pinksters vir jou gesê het, was die waarheid, maar dit was nie die hele waarheid nie." Sien? Ek het gesê: "Dit was waarheid, maar nie alles daarvan nie."

64 Ek het gesê: "Ek glo in die aanvaar van Christus as persoonlike Verlosser, ek glo dit; ek glo in heiligmaking, en om 'n lewe te reinig, en bly raak en skree, ek glo dit; ek glo in praat in tale, in die doop van die Gees, en ek glo in dit alles," maar ek het gesê: "dis nie presies waarvan ons praat nie."

Ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra." Ek het gesê: "Nou, onthou, jy het gesê vir veertig jaar van jou lewe het jy niks gedoen nie."

65 Hy het gesê: "Broer Branham, ek het elke motor verkoop wat ek het en dit vir predikers en evangeliste gegee. Ek het alles gedoen wat ek weet om te doen, versoening te maak vir wat ek in my lewe gedoen het."

66 Ek het gesê: "Dit was nie nodig nie, jy hoef dit nie te doen nie." Sien? Ek het gesê: "God het nooit van jou vereis om dit te doen nie." Ek het gesê: "Jy kan nie jou pad inbetaal nie, dis nie die idee nie." Maar ek het gesê: "Sy genade neem jou in."

Hy het gesê: "Wel, wat moet ek doen?"

67 Ek het gesê: "Daar's nie 'n ding nie, niks wat jy kan doen nie." Ek het gesê: "Jy het vir my gesê vir die eerste veertig jaar van jou lewe, dat jy nie omgegee het vir God nie, maar jy het 'n stukkie papier opgetel wat gesê het: 'Waar gaan jy die Ewigheid deurbring?' en *Iets* het gesê: 'Dit moet beantwoord word,' jy kan nie daaroor kom nie. Nou, jy het in 'n pad afgegaan na *hierdie* kant toe, en meteens het jy begin teruggaan na *hierdie* kant toe. Jy het nie omgegee vir God nie, jy het begin soek na Hom." Ek

het gesê: “Net daar, waar jy jou draai gemaak het, dis presies wat jou verander het, net daar.”

Hy het gesê: “Het ek dit dan die heeltyd gehad?”

Ek het gesê: “Sekerlik.”

Hy het gesê: “Wel, prys God!” Sien?

68 Nie op een of ander sensasie nie, maar het jy dit geglo? Sien? Dis waar jy het—jy het . . . Sien, nou maak nie saak hoeveel sensasies van heiligmaking . . . Dit is ’n sensasie om geheilig te word, dit is ’n sensasie om die doop van die Heilige Gees te ontvang, maar wanneer jy Christus as jou Verlosser ontvang, draai dit jou om. Geen man . . .

69 Jesus het gesê in Johannes 5:24, dink daaraan, ’n handvol en twee dosyn eiers, sien, 5:24: “Hy wat My Woord hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het,” teenswoordige tyd “Ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.” Daar het julle dit. Sien? Net daar is jy omgedraai. Dis een deel van die Heilige Gees.

70 Heiligmaking is nog ’n deel van die Heilige Gees. Dan wanneer jy so vol Daarvan raak dat jy niks anders kan doen nie, soos Broer Rowe gesê het, gee Hy jou dan ’n ander taal. En probeer om . . . Hy maak jou net vol, maar dit kos die Heilige Gees. “Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie eers trek nie. Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom.” Daar het julle dit.

71 So, wanneer jy die geringste, klein tinteling in jou hart het om na Christus toe te kom, doen dit dadelik, want dis die grootste ding wat ooit met jou gebeur het, is vir God om jou te roep na die Bruilofsmaal van Sy Seun, ek weet nie van enigiets groter nie.

72 Nou, na ons storie, Abraham, ons het hom gisteraand gelos nadat hy deur ’n groot beproewing gegaan het. En Sara het besluit dat sy vir Hagar vir hom as vrou sou gee, en sy het ’n babatjie voortgebring en hom Ismael genoem. En Abraham het nog steeds geweet dat dit nie reg was nie, so hy het voor God gegaan. Dit was God se plan om dit te doen, maar God het hom die baba deur Sara belowe. En nou was hy ’n honderd jaar oud, en Sara was negentig.

73 En hy het voor God gegaan, en God het aan hom verskyn, en na hom toe gekom in die Naam van die Almagtige God, wat die Hebreeuse woord daar beteken “El Shaddai, die Almagtige.” En ons het uitgevind, om daardie woord af te breek, *Shad* in die Hebreeus beteken: “bors.” *Shaddai* het beteken: “God met borste,” ’n God met borste om Sy Eie krag in Sy gelowige kinders in te stort. Wanneer hulle siek is, wanneer hulle swak is, wanneer die gees laag is, stort Hy Sy krag in hulle in, soos hulle Sy borstebelofte beetkry en krag begin put, uit daardie beloftes.

74 Sterk Een met borste, o, ek dink dis die mooiste prentjie. Sien, wat 'n troos vir 'n ou man, 'n honderd jaar oud, wat steeds op God se belofte staan! Nou, die Bybel het gesê hulle was ver gevorderd in ouderdom, uh, ver vervorderd in jare. 'n Ou man, wat vasgehou het aan God se belofte; en gesê: "Ek is die Een met borste, en jy's niks meer as 'n ontstelde kindjie nie."

75 Sara se skoot was opgedroog vir veertig jaar, dit was verby haar menopouse tydperk vir veertig, vyftig jaar voor dit, het miskien nie 'n keer gebeur nie, daar was sy, al die are in haar het opgedroog, en sy was onvrugbaar. En—en hy as—as menslik gesproke, was hy so goed soos dood, was nie meer 'n *man* vir hom op daardie manier nie. En daar was hy 'n ou man, en sy vrou baie oud, en God het gesê: "Maar Ek is die Moeder," amen: "Ek's die Moeder, neem net, hou aan vashou aan My belofte en hou aan drink, Ek is in staat om iets vir jou te doen." O, ek hou daarvan.

76 En om hom te wys wat Hy sou doen, het Hy sy naam verander in die 17de hoofstuk, en het Hy Sara se naam verander. Dis reg. Hou daardie name dop, dit beteken iets. Waarom het Hy Jakob se naam na *Israel* verander? Waarom het Hy Saulus se naam na *Paulus* verander? Waarom het Hy al daardie dinge gedoen? Nadat Hy oorwin het en in die Heerlikheid ingegaan het, het Hy gesê dat Sy Naam verander is. In Openbaring, word dit 'n belofte gegee aan diegene wat oorwin, Hy sou Sy nuwe Naam bekendmaak. Dis reg. Elke keer wat hulle oorwin het, is 'n nuwe naam vir hulle gegee.

77 Abraham, toe hy uiteindelik oorwin het, is hy geneem van die naam van Abram, gesê: "Jy sal nie meer *Abram* genoem word nie, maar jy sal *Abraham* genoem word." Hom 'n deel van Sy Naam gegee, Sy Naam daaraan gekoppel, *Elohim*. H-i-m en h-a-m, Elohim. Ander woorde: "Ek is die Vader van alles," sien, "en Ek maak jou 'n vader van nasies, so Ek het verander, en gee jou deel van My Naam, *vader van nasies*, h-a-m." Sien? Elohim, Abraham. Dis 'n goeie sin, het julle ooit daaraan gedink? 'n Groot evangelis vandag, genaamd Graham, G-r-a-h-a-m, Billy Graham, dink daaraan. Hoedat God in Sy genade, hoe Hy vooraf weet, en die dinge wat Hy doen!

78 Nou, let op wat Hy daar gedoen het, Hy het *Sarai* na *Sara* verander. Sarai se naam, *Sarai*, na *Sara*. Let op daar, *Sara* beteken: "prinses." En hy was: "vader van nasies." O, is dit nie pragtig nie? Aan daardie ou man en ou vrou, honderd jaar oud nou, maak die belofte nou gereed om vervul te word.

79 Nou, ons vind uit dat na hierdie, Abraham het. . .was hy afgesonder, uitgegaan en sy broer, Lot, gekry, hom teruggebring het. En toe hy het, hom gebring het van die vyand wat hom sou doodgemaak het, hom teruggebring het, gedink, miskien, miskien sou hy nou uitkom, en homself skei van al die dinge van die wêreld. In plaas daarvan, het hy reguit teruggegaan in Sodom

in; soos 'n vark na sy rolplek, en 'n hond na sy braaksel, hulle gaan weer reguit terug.

80 Dis waar ek dit *so* gepleister het. Kry. . . met. . . Maak nie saak hoeveel ek daarteen pleister nie, dit gaan dit doen, in elk geval. Maar op die Oordeelsdag wanneer hierdie opname wat in die Hemel opgeneem word, onthou, sal dit teen julle antwoord. Dis reg.

81 Die Pinksterkerk, wat koud en formeel raak, reguit teruggaan in sy groot dieptes van organisasie, en: "Solank ons aan die kerk behoort, is dit al wat nodig is."

82 Jy moet wedergebore word, jy moet die Gees hê, jy moet die werke hê, tekens en wonders, ensovoorts, soos God belowe het, en dis waar ek die kerk sien afkoel.

83 Maak nie saak hoeveel ek daarteen preek nie, ek kon staan en sê vroue moenie kortbroeke dra nie, vroue moenie hulle hare afknip nie, hulle sal dit doen, in elk geval. Ek kan sê die Pinksterkerke sit geld in yslike groot dinge, en kry die mode, en organiseer, en al die res van hulle uitsny, net soos die ander kerke het, wat voor hulle geval het, hulle gaan dit doen, in elk geval, God het gesê hulle sou dit doen. Maar wat ek probeer doen, ruk, en pluk, en wegtrek van daar af.

84 Vandag in die diens, toe ek gepreek het, het die Heilige Gees op 'n seuntjie geval, en daar gekom, en in 'n Franse taal gepraat, sonder om een woord Frans te ken. En 'n man wat daar gestaan het, nie kon tolk nie, twee van hulle, een was 'n tolk vir die VN, het gepraat, en die Heilige Gees het gespreek en bevestig dat die Heilige Gees my gestuur het om hierdie werk te gaan doen, en om getrou daaraan te bly, en daarby te bly ongeag wat die ding is. Hulle sal dit lees een. . . Sien, wys reg onder die Pinkstermense. Ja, meneer.

85 Broer, jy moet luister, vlug jy na die Rots, kom na die veilige Hawe. "Die Naam van die Here is 'n sterk Toring, die regverdiges vlug Daarin, en is beskut." Die groot mure van Babilon val inmekaar.

86 Soos oorkant in Indië toe julle die aardbewing daar gehad het, reken ek, net die jaar wat ek ingekom het, was omtrent ses jaar gelede. Ek het die koerant opgetel, die Engelse koerant, dit het gesê: "Ek reken die—die aardbewing is verby." In Indië, het hulle nie mooi heinings, en dinge, soos julle almal hier het nie, hulle tel klippe op en maak heinings. Die diere staan daarrond in die skaduwee van die aand, die voëltjies gaan daar in en bou hulle neste.

87 Eendag het hulle al die voëltjies sien wegvlieg, wegkom, en al die beeste wou nie inkom, om die mure staan, ensovoorts nie, hulle het uitgegaan in die middel van die veld en gestaan en leun teen mekaar in die son. Hulle het gewonder wat fout was. Toe het 'n groot aardbewing die plek geskud, die mure omgeskud.

88 Wat het gebeur? Al die voëltjies, as hulle in daardie inhamme daar was, sou doodgegaan het. Die diere onder daardie groot klipheinings en mure gestaan het, sou dit op hulle geval en hulle doodgemaak het. Wat was dit? God, wat deur instink, hulle laat weet het die aardbewing sou kom, hulle het gevlug na veiligheid. As God. . .Dieselfde God wat hulle in die ark ingeroep het, het hulle weggeroep van die muur af, Hy's dieselfde God.

89 Wel dan, as God 'n koei kan gebruik, en 'n perd, en 'n skaap, en 'n voël deur instink om te vlug van die toorn wat kom, beter julle wegkom van hierdie ou groot mure van Babilon en vlug na Jesus Christus, want sy gaan verbrokkel en val een van hierdie dae. Julle onthou, daar was 'n Rots uit die berg gekap sonder hande, wat in Babilon ingerol het, en dit vergruis het waar Dit ook al gegaan het. En die koninkryke van hierdie wêreld sal net so sekerlik val. Elke mensgemaakte koninkryk moet sink, sodat die Koninkryk van God regmatig sy plek kan inneem.

90 Elke mensgemaakte organisasie sal val en verbrokkel tot stof, dat die krag van die Heilige Gees die Kerk mag neem en Dit wegraap in daardie Plek daarbo. Dis reg. Ja, meneer. Hulle. . . Alles het sy doel gedien, maar ons is by die tyd, broer, wanneer God Sy mense uitroep. Die Rots wat sonder hande uit die berg gekap is, wat inrol, Babilon vergruis, reguit oorbeweeg. Kom weg van die groot mure, vriend, kom in Jesus Christus in, dis die enigste veilige Plek of toevlug wat ek ken.

91 Ons sien daar dat Abraham, toe hy gevind het wat God wou hê hy moes doen, Hy hom geseën en sy naam verander het, en Sara se naam verander het, hulle 'n—'n—'n seker belofte gegee het dat dit sou gebeur, dan vind ons hom, ek glo dis in die 18de hoofstuk, vind ons hom wat buite in die veld sit, iewers in die woestyn, wat swaarkry.

92 Goeiste! O, ek weet nie hoekom dit bly opborrel in my nie. Ek. . .Vergewe, nee, moet my nou nie vergewe nie, dit—dit sou verkeerd wees. Waarom is dit, broers? Ek het gestaan, hier nie lank gelede nie, by 'n groot klomp goeie, Pinkstermanne, en ek het gesê: "Julle gee die verkeerde getuienisse. Julle praat altyd van hoe God julle seën, hoeveel groot goed julle het, hoeveel Cadillacs julle kan besit, en alles soos daardie, dis baie anders, teenoor wat die eerste Pinkster was, hulle het alles verkoop wat hulle gehad het, en dit vir die armes gegee, en uitgegaan om die Evangelie te verkondig. Daar's iets verkeerd, iewers." Dis presies reg.

93 Daar was 'n kêrel wat opgestaan het, hy het gesê: "En Broer Branham, dit was die grootste fout wat die mense ooit gemaak het." Ons was in Jamaika. As enigiemand hier is, Broer Bonamore, reken ek onthou, ek weet nie of Broer. . .ja, by my was, daarbuite gesit het daardie aand nie.

94 Ek het gesê: “Wil jy vir my sê dat jy dink dat God ’n fout maak? God maak geen fout nie, ’n man wat gelei word deur God nie. Hulle is deur God gelei om dit te doen.”

Hy het gesê: “Toe toe die vervolging gekom het, het hulle nie ’n huis gehad om na toe te gaan nie, ek neem aan jy dink dit was ’n fout.”

95 Ek het gesê: “Skaam jou! Niks meer weet, so lank in Pinkster was as wat jy was, niks meer weet van God as dit nie. Dis presies wat God moes doen, hulle het niks gehad om na toe terug te gaan nie, hulle het oral gegaan, die Boodskap deur die land versprei. God weet wat Hy doen.”

96 Laat hulle gelei word, sekerlik. God maak geen foute nie, dis ek en jy wat die foute maak, God maak dit nie. Wanneer jy gelei voel deur die Gees, gaan net voort, gaan net voort, bly net voortgaan.

97 Hier Abraham, hy was nie onder in Sodom, om te sien hoeveel hy kon kry nie, hy was daarbo in die velde in gehoorsaamheid aan God. Sara het waarskynlik nie die nuwe rokke gehad wat Mev. Lot gehad het nie, het nie tred gehou met al die modes nie, tog het hulle gesê daar was nie ’n vrou in die land so mooi soos sy nie. Sy was ’n moeder, en sy het ook haar man so liefgehad dat sy nie haar rokke styfgetrek het en op straat uitgegaan het, en aangegaan het soos moderne Mev. Lot maak, en sulke dinge nie, sy het haar eie man *heer* genoem, en die Bybel het gesê: “wie se dogters julle is, solank julle die Woord gehoorsaam.” Dis reg.

98 Daar was sy. En ons sien hulle daarbuite, arm tye, die troppe wat minder word, skynbaar nes die res, maar Abraham het in die belofte gebly. Amen.

99 Dis waar ons ons foute maak, broer. Dit is nie ons organisasies wat die fout maak nie, dis ons in die organisasie wat die fout maak. Sien? Dis in die haak solank julle, as julle in die belofte sal bly, maar wanneer julle wel in hierdie dinge ingaan, julle begin styf raak, wil optree soos die res van die wêreld. Dis waarom God net wegloop daarvan.

100 Ek kyk in die gesig van een van die grootste historici wat daar in die Verenigde State is, en ek sal julle sê, Broer Paul Boyd, wat net *daar* sit, en ek sal julle een ding sê, wys julle my een stukkie geskiedenis waar ’n kerk ooit in ’n organisasie ingekom het, dat dit nie geval het, en nooit weer opgestaan het nie. Vind dit. Het nog nooit, sal nooit, dit is nie die wil van God nie. Ons sal volgende week daarop kom.

101 Let op, maar nou, soos ons voortgaan met Abraham, Abraham het in die land gebly, hy het net daar gebly, waar God vir hom gesê het. En solank hy daar gebly het, was God met hom, toe hy uit die land uitbeweeg het, het ’n vloek oor hom gekom. Sodra jy wegbeweeg van die belofte van God, maak dan net gereed vir probleme. Dis presies reg.

102 Nou, ons vind uit dat hy eendag daarbuite gesit het. Laat ons dit 'n dramatjie maak sodat hierdie outjies hier dit kan begryp. Nou, ek sien Abraham een oggend in die tentdeur sit, daar was 'n groot akkerboom voor sy plek daar. Hulle sê die akkerboom staan nog steeds, hulle het dit bewaar, sê hulle, wel, daar waar hy sy tent opgeslaan het, daarbuite in die woestyn.

103 Lot was daaronder, goeiste, en ek reken as hulle so-iets gehad het, sou hy 'n groot sigaar gehad het, en burgemeester van die stad, julle weet. En Mev. Lot, en haar dogters, en almal van hulle wat rondgegaan het na al die modevertonings, die TV gekyk het, en—en die—die—die style van daardie dae gevolg het. Maar Sara het getrou gebly, Abraham het getrou gebly, hulle het by God gebly, daarbuite gebly.

104 Nou, wat het gebeur? Eendag terwyl Abraham daar gesit het, teen omtrent elfuur in die dag, stel ek my voor, het hy gekyk, en daar het aangekom, en hier het drie mans aangekom met stof oraloor hulle klere, wat aangestap kom.

105 Julle weet daar's iets daaraan, jy kan reg by God se seëning verbygaan en dit nie weet, as jy nie deurgebid is nie. Ek dink daaraan, deurgebid.

106 Daar het 'n Ierse vroutjie gekom van Ierland af, nie lank gelede nie, en hulle het gesê sy was op 'n skip en sy was... Omtrent, o, omtrent die tyd dat hulle in New York gekom het, het 'n groot tifoon oor die oseaan getrek, en die skip het net SOS'e uitgestuur, en dit het net van plek tot plek gerol.

107 Die orkes het gespeel, hulle het al die ruk-en-rol gehad wat hulle kon en alles soos daardie. En hulle het begin, orkes het begin bid, die kaptein het gesê: "Almal bid, almal bid, soos julle in julle kerk maak." En hulle, orkeste het *Nader, My God, By U* begin speel. En hulle het almal begin aangaan.

Ierse vroutjie het op-en-af op die vloer begin loop.

108 En die kaptein het gesê: "As ons net hierdie storm vir dertig minute kan trotseer, sal ons in die hawe inkom, anker gooi." Gesê: "Maar as ons dit nie vir dertig minute kan trotseer nie," gesê: "sal ons op die bodem van die see wees."

Daardie Ierse vroutjie het gesê: "Prys God! Halleluja!"

So die kaptein het nadergestap, gesê: "Dame, het jy verstaan wat ek gesê het?" Hy het gesê...

Sy het gesê: "Ek het jou duidelik verstaan, meneer."

Hy het gesê: "Ek het gesê binne dertig minute van nou af mag ons op die bodem van die see wees, as ons nie dertig minute kan uithou in hierdie storm nie."

Gesê: "Ek het verstaan wat jy bedoel het." Gesê: "Halleluja! Prys God!"

Gesê: "Waarom bid jy nie?"

Sy het gesê: "Ek is deurgebid, hoef nie meer te bid nie." Gesê: "Ek is klaar deurgebid."

Wel, gesê: "Hoekom kan jy so *halleluja* sê, en weet dat jy dalk op die bodem van die see sal wees?"

109 Sy het gesê: "Meneer, ek is op my pad van Ierland af om 'n dogter van my te sien wat in New York woon." Sy het gesê: "Ek het 'n dogter in die Hemel en een in New York, as ons sink, sal ek daardie een Daarbo sien, as ons land, sal ek daardie een daar sien, ek sal een van hulle sien binne dertig minute."

110 Dis reg. Deurgebid! Amen. Dis hoe om te bly, deurgebid, gereed te wees daarvoor. Sy sou een van hulle ontmoet binne dertig minute. Sy het dit óf geweet. . . Dit het geen verskil vir haar gemaak, Daarbo, of hieronder nie, dit het nie. . . sy gaan een van hulle sien binne dertig minute. Nou, dis goed, dis goed. Dis hoe die Kerk die heeltyd behoort te wees, deurgebid.

111 Abraham was deurgebid, soos hy daarbuite gesit het. Lot het nie geweet, miskien, daaronder, wat daarbuite in die woestyn aangegaan het nie. Maar toe Abraham gekyk het, was daar iets omtrent daardie Man wat daar voor geloop het wat hy herken het 'n bietjie vreemd gelyk het. O, goeiste! Vreemde Man, hy het uitgehardloop, en as julle oplet, die heel eerste ding wat hy gesê het: "Goeiste," nie "My *Here* nie." Ek verskil beslis van daardie Joodse broer wat daardie opmerking gemaak het nou die aand by Shreveport. Nie "My *Here*" nie, maar: "My *Heer*." H-e-e-r een. "My," hoofletter H-e-e-r: "wil U nie inkom nie."

112 Nou, het enige van julle die vertaler daar opgemerk? Dit was Elohim, wat Abraham Hom genoem het. Hom ingebring, gesê: "Sal U nie inkom, gaan sit nie? Ek sal vir U 'n bietjie water gaan haal, ek sal U voete was. Eet 'n stukkie brood." En gesê: "Dan U, laat ons U—U bedien, dan kan U aangaan waar U ook al heen gaan."

Ek kan my net voorstel dat hy deurglip, en sê: "Sara, Sara, *shh!* Iemand is daarbuite, kry bietjie meel, sommer gou, of, die mieliemeel."

113 En hoeveel het ooit 'n sif gesien? Is enige vroue hier. . .? Wel, van watter deel van Kentucky is julle? Ek het altyd vir Ma gesien met daardie ou sif, na die meelvaatjie toe gaan, en 'n klein ronde dingetjie gehad, soos 'n kaaskrat en sifdraad aan die onderkant daarvan, en dit opgelig soos *hierdie*, en sy het 'n ou wig daarin gehad, sy sou die klonte deurvryf wanneer die ou meel nat sou word. Het julle ooit gesien hoe dit gedoen is?

114 Julle weet, nou die dag, het ek vir my vrou 'n koffiemeul hier onder gekoop, een van daardie soort wat jy self maal. Wel, ek het nog nie met een gemaal sedert ek 'n klein seuntjie was nie. Ek. . . Dit was altyd myne, en het die skoorsteen skoongemaak, julle weet, daar ingekom met ou groot maan en uil op die

lampskoorsteen. Onthou julle hulle? Moes my hande daar laat afgaan en hulle skoonmaak.

115 En ek sien Abraham deurloop, en sê: “Sê, kry, knie net gou van die—die—die meel, en kry dit gereed, maak ’n paar koeke op die vuur.” Uitgegaan en ’n dienskneg die kalf laat kry en dit voorberei, en uit te kom en hierdie Manne kos te gee.

116 Nou, hulle het gemaak asof hulle vreemdelinge was, van ’n ander Land was, en hulle net deurgegaan het. En so, ek verbeel my net, miskien het Abraham die ou vliegbos gekry en daar uitgekom, julle weet, moet uitgaan en die . . .

117 Hoeveel weet wat ’n vliegbos is? Nou, nou weet ek daar’s Kentuckiërs hier. Ja, meneer. Ek onthou wanneer daar kuiermense sou kom, sou ons hulle daar buite laat sit, en daardie ou vliegbos neem, en ek moes staan, my arme ou arm sou net amper breek, soos *daardie*, net die vlieë wegjaag, terwyl Ma gekook het. Dan, daarna, staan jy by daardie stoof en vee die sweet af, en, met daardie vliegbos, julle weet, gaan aan soos *hierdie*, sodat die vlieë nie sou kom waar ons *tsk* nie. Ons is arm grootgemaak.

118 En so, die botter en die room vat, en dit onder in die melkhuis sit, of, nie die melkhuis nie, maar ’n ou plekkie, fontein daaronder, en dit toemaak, die erdepot, julle weet, en melk word . . . room raak omtrent *so* diep. Ek het baiekeer daar ingeglip, ’n koppie daarvan gekry, toe sy dit probeer spaar het. O, wat, dit was lekker!

119 Nou, ons vind uit dat Abraham hierdie kos daarnatoe geneem en dit voor hierdie manne neergesit, en hulle geëet het. Nou, Abraham was nuuskierig om uit te vind wat hulle reis was, want hy het geweet daardie Een van hulle daar, daardie belangrike Een, was God. Hy het geweet Dit was God, hy het Hom *Elohim* genoem. So nou, wat het dit verteenwoordig?

120 Ons vind uit twee van hulle het opgestaan en afgegaan in Sodom, hulle het soontoe gegaan om te preek, en om diegene uit te roep wat uitgeroep sou word. En ons sien dat, toe hy daaronder gekom en begin preek het, dat hulle nie baie wonderwerke gedoen het nie, hulle net verblind het. Dit was . . . Die verkondiging van die Evangelie verblind.

121 Maar daar was, onthou nou, daar is drie klasse, altyd. By die Oordeel vind ons uit die Bruid kom terug saam met Christus; in Daniël, het tienduisende maal tienduisende gekom saam met die Oue van dae, die Oordeel is gestel, en die boeke is oopgemaak; en ’n ander Boek is oopgemaak, wat die Boek van die Lewe was. Sien, die slapende maagd het opgekom vir die Oordeel. En die boek van die goddelose is oopgemaak, en Hy het die skape van die bokke geskei. Maar die weggeraapte Kerk het teruggekom saam met Hom.

122 Jesus kom drie keer: Hy het eerste gekom om Sy Bruid te verlos, Hy kom die tweede keer om Haar weg te raap, Hy kom die derde keer saam met Haar; om Sy Bruid te verlos, om Sy Bruid te ontvang, en om Hom en Sy Bruid terug te bring as Koning en Koningin oor die aarde, te sit op Sy vader, Dawid, se troon.

123 En nou, ons weet daar is drie klasse mense die heeltyd. Ons let dit vandag op, daar was Lutherane, Metodiste, Pinksters. Daar is die sondaar, die goddelose, die slapende maagd, en die egte maagd, altyd. Nou, ons vind uit daar was die Sodomiete; daar was Lot, die louwarm kerk; en hier was Abraham, wat homself afgesonder het van hulle, en eenkant gelewe het. Nou, die einste woord *kerk* beteken "afsonder."

124 Israel was die volk van God totdat hulle in die wildernis ingekom, en uitgeroep is, toe was dit die Kerk van God. *Kerk* beteken "uitgeroep, opsygesit." En Abraham was die uitverkore Kerk; Lot was die slapende maagd, of die formele kerk; en dan was daar die sondaar, die Sodomiete.

125 Nou kyk, die Sodomiete, en die formeles daaronder, Lot in sy formele toestand, nou, hy was 'n goeie man, sonder twyfel, Dit het gesê: "Die sondes van die stad het sy regverdige siel ontstel." Maar daar was 'n uitverkore Kerk, geroep, voorbestem deur God, Abraham, geroep toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was, 'n belofte gegee, om die verhoor te laat sê dit sou vir seker wees. Wag tot ons 'n bietjie verder hier inkom, waar Hy dit seker gemaak het.

126 Goed. Hom vertel van die kind wat hy sou hê, en Abraham het nie getwyfel aan die belofte van God nie. Maak nie saak hoeveel ekstra dollars hier neergesit is, en hoe ryk hy in Sodom kon wees, en wat hy kon doen nie, hy het by God gebly, die belofte gehou, dis die uitverkore Kerk. Daar's sommige van hulle in die Metodiste, sommige in die Baptiste, sommige in die Pinksters, die uitverkore Kerk sal uit al die groepe uitgeroep word. Dis reg. Dis die een wat die Stem hoor.

127 Toe Jesus gekom het, die Here Jesus Christus, waarom het hulle Hom nie herken nie? Hulle herken dit nooit voor dit te laat is nie.

128 Hulle het nooit geweet Elisa was die profeet van God nie. Wel, hulle het hulle kinders uitgestuur om hom te terg, hom kaalkop genoem, want hy het kaalkop geword toe hy 'n klein seuntjie was. Hulle het niks geweet nie, hulle het nie geglo hy was enige profeet nie, hulle het beslis nie.

129 Hulle glo dit nooit. Het Jesus nie gesê: "Julle is witgepleisterde mure, julle—julle vryf die mure blink van die profete, en julle is diegene wat hulle daarin gesit het," nie?

130 Kyk na Jeremia, Jesaja, enige van die profete, hulle het dit nie herken voor dit alles verby was nie. En toe Johannes gekom het, het hulle nie geweet wat. . .Jesus het Self gesê: "Dit was die Elía waarvan daar gepraat is." En hulle het gedoen, aan hom gedoen

wat hulle genoem het, en selfs die dissipels het nie geweet dit was, Johannes was daardie Elía nie.

131 En toe Jesus gekom het, het hulle nie geweet Hy was Jesus nie, hulle het Hom nie herken as die Christus nie, maar hulle wat verordineer was tot Ewige Lewe: "My skape hoor My Stem," hulle herken dit.

132 Laat ons afkom, Sint Patrick, julle Katolieke mense wat hom 'n Katoliek noem, ek wens julle wil die geskiedenis daarvoor gee. Hy was nie 'n Katoliek nie, hy het die biskop in Rome betwis. Dis presies reg. Sy skool was bo in Noord-Ierland. Hy het nie geglo in daardie een-man beheer nie, hy het geglo in die Heilige Gees wat beheer. Ja, meneer. Hy het ook geglo in die doop van die Heilige Gees, en praat in tale, en—en die krag van die Gees.

133 Sint—Sint. . . Wat het ek probeer sê? Columba het dieselfde ding gedoen, Sint Martin het dieselfde ding gedoen, Irenaeus, dieselfde ding, hulle almal het geglo in die krag van God, in Goddelike genesing, die krag van die Heilige Gees, almal van daardie vroeë heiliges.

134 Toe het hulle 'n klomp biskoppe gehad wat styf was, en hulle wou 'n organisasie maak, en hulle het die kerk georganiseer, en het sonde en 'n paar kerkbygelowe saam gekonglomereer, en hulle het organisasie gemaak. Daaruit het die moeder-organisasie gekom, daaruit het elkeen van die res van hulle reguit daaruit gekom.

135 Lees Openbaring 17 en kyk of dit nie, die moederhoer is nie, en haar dogters was ontugtiges. Wat is 'n *ontugtige* behalwe 'n *hoer*? Dieselfde ding. Wat maak dit? Wat geestelike hoerery pleeg teen die ware Vader, die ware Man, mensgemaakte doktrines en geloofsbelydenisse neem, die mense neem, formeel raak, hulle in 'n ou, formele aanbidding inbring. Ons aanbid God in Gees en in Waarheid, God soek sulkes om dit te doen. Ja. Sekerlik, dit is.

136 Nou, ons vind uit dat Abraham, Abraham daarbuite gebly het, hy was uitverkies, die uitgeroepte Kerk. En onthou, die Man wat in menslike vlees was, die Man het die vleis van 'n kalf geëet, Hy het die melk van die koei gedrink, Hy het brood gedrink en het bot-. . . brood geëet en botter daarop gehad, die melk van die koei gedrink, en Abraham het Hom *God* genoem. Kyk, neem. . . Kyk na die vertalers, gaan dit na, vind uit of dit reg is, Elohim, God. Nou, ek wil hê julle moet oplet, dit het iets voorgestel, iets wat ons julle, positief, dit wil laat sien.

137 Nou let op, dan vind ons uit dat toe die twee manne afgegaan het, die predikers afgegaan het om te preek, twee Engele afgegaan het om te preek in Sodom, hulle nooit hierdie, hierdie ding, die teken gedoen het nie, dat hulle soontoe gegaan en hulle teken gewys het, dat hulle gekom het om hulle uit te bring, maar dit was nie dieselfde teken wat die uitverkore Kerk gekry het nie.

138 Die uitverkore Kerk het nog 'n teken gekry. En let nou op, wat die Kerk daarbuite gekry het, die Een wat agtergebly het by die uitverkore Kerk, onthou julle toe Hy gepraat het? Hy het gesê: "Abraham," hom op sy nuwe naam genoem wat God hom so pas gegee het, "Abraham, waar is Sara?" S-a-r—r-a haar nuwe naam. Wel, Hy was die Een wat dit vir hulle gegee het! Ja.

139 Iemand het gesê, ek het die stelling al baiekeer gemaak, gesê: "Broer Branham, jy glo nie daardie man was God nie?"

140 Ek het gesê: "Die Bybel het gesê Dit was God." Sien? Hy het. Hy's die Skepper, Hy kan enigiets doen wat Hy wil. Hy het net bietjie petroleum opgetel, en kosmiese lig, en kalsium, en kalium, en: "*Phew!*" daarin geblaas, en in die liggaam ingestap, afgekom. Dis presies hoe Hy dit gedoen het, Hy het Engele daar gehad op dieselfde manier. Hy kan dieselfde ding doen.

141 Waar het ons vandaan gekom? Wie het die aarde gemaak? Waar het Hy die goed gekry om die aarde van te maak? Sê my waar Hy uitgegaan en dit gekry het. Die einste aarde waarop ons sit, is die Woord van God wat gemanifesteer is. Hierdie preekstoel is die Woord van God, *hierdie* is die Woord van God wat gemanifesteer is. God het dit gespreek, en Hy's 'n Skepper, en Hy het dit gemaak uit dinge wat, nie, nie hier was om dit mee te maak nie, Hy het dit geskep. Het 'n doel, Hy kan skep, Hy kan doen wat Hy ook al wil, Hy's God.

142 Abraham het Hom *God* genoem, dis Wie Hy was. Abraham behoort te weet, hy het met Hom gepraat, al sy hele lewe lank met Hom gepraat, ek reken hy behoort te weet Wie Hy was. Ja. Sekerlik. Vir hom gesê: "*Ek*, *Ek* gaan hierdie belofte vervul wat Ek vir jou gemaak het." Wie was die Een wat daar met hom gepraat het? "*Ek*, *Ek* is die Een," het Hy gesê. En let op, toe, toe. . .Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?" Abraham, nie *Abram* nie, *Abraham*.

143 En God het so pas, in die vorige hoofstuk, vir hom daardie naam van Abraham gegee. Hulle het nie koerante en televisies gehad en—en dinge in daardie dag nie, Abraham was daarbuite alleen, daarbuite, hy en sy vrou en sy—sy mense, sy diensknegte. En so, het God aan hom verskyn, en sy naam verander, en die Engel het hom *Abraham* genoem, Sarai se naam verander na *Sara*, en haar naam *Sara* genoem: "Waar is jou vrou, Sara?"

144 Hoe het Hy geweet dat hy selfs getroud was? Hoe het Hy geweet, as 'n Vreemdeling, dat sy naam Abraham was? Hoe het Hy geweet Hy het sy naam verander van *Abram* na *Abraham*? Hoe het Hy geweet dat Hy *Sara* na *Sara* verander het? En hoe . . . ? Of, *Sarai* vir *Sara*. Hoe het Hy hierdie dinge geweet?

En Abraham het gesê: "Sy is in die tent agter U, *daar* agter."

145 Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek, Abraham." Met ander woorde: "Ek het jou belowe dat Ek vir jou hierdie kind gaan gee,

en jy het My Woord geglo, nou gaan Ek jou besoek volgens die tyd van die lewe, en jy gaan hierdie baba hê."

146 En Sara, wat aan die agterkant geluister het, sy het by haarself gesê, nou, sy het in haarself gesê: onthou nou, onder in haar hart: "Sou ek ooit genot hê, ek 'n ou vrou, negentig jaar oud, ouma, oor-oor-oumagrootjie, en my man, oud, my heer daarbuite, hy's oud, 'n honderd jaar oud, en hier is ek negentig jaar oud, en sal ek ooit weer as 'n jong vrou wees?" Sy het gedink: "*Ha!* Dis snaaks!" En sy het gelag.

147 En die Engel het gesê: "Waarom het Sara gelag?" En nie net dit nie, maar Hy het gesê, die woorde vir Abraham herhaal, wat Sara in haar hart gedink het, "Sy het gesê: 'Hoe kan dit wees?'" Amen! Daar het julle dit. Gesit met Sy rug gedraai na die tent! Toe was Sara regtig bang, sy het gesien wat sy gedoen het. "Waarom het Sara gelag, in haar hart gesê: 'Hoe kan ek ooit weer genot hê met my man?'" Maar Sy Woorde is bevestig, Hy was God.

148 Nou, wat was dit? Nou, Jesus het na daardie selfde ding verwys, en Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

149 Nou let op: "Hoekom gaan jy nie uit en tref daardie groot hoofsentrums nie?"

150 Ek is nie na daardie hoofsentrums toe gestuur nie; na die uitverkore Kerk, dis waar. Hulle sal dit nooit glo nie, ek weet as ek hier staan in die aand toe ek daardie onderskeiding gehad het nou die aand, en voel dit net nou, daar's baie hierbinne wat dit nie glo nie. Moenie vir my sê nie, ek kan jou naam noem. Dis reg. Moet my nie sê nie. Dis reg. Dis reg, ek ken jou siekte, God kan my net hier jou siekte vertel, sekerlik. Ek voel dit. Waarom probeer jy 'n skynheilige speel daaroor? Waarom wees jy nie wat jy regtig is nie? Een ding, jy's bang, ek blameer jou nie, een woord Daarteen sal nooit vergewe word nie.

151 Maar ek wil hê julle moet weet dat die Skrifte glad nie mistiek is, soos party van julle predikers dink dit is, dis glad nie telepatie nie. God wees jou sondige siel genadig! Jy het nie 'n preekstoel nodig nie, jy het 'n altaar nodig. Dis reg. Kom reg met God. Onthou, 'n woord Daarteen sal nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat kom nie. Nou, jy sê: "Dis nie ek nie." Moenie vir my sê wie jy is nie, ek weet. Sien? Ja, meneer. So nou, luister, ek waarsku jou net. Onthou, God het belowe dit sou gebeur. Amen.

152 Let op, Hy het gesê. . .Kyk, wat was dit? God in menslike vlees. En God sou Homself verteenwoordig, weer, in menslike vlees, net voor die koms van die Seun van die mens. Watter vlees? Jou vlees, my vlees. God, wat neerdaal uit die Hemel, God wat verlang na gemeenskap. Hoe mense . . . ! Dit is blykbaar

dat daar soveel verstandsteologie daaroor is, dat julle nie die onderskeiding van die Gees kry nie.

153 Soos 'n kêrel my nou die dag probeer vertel het van drie Gode, Vader, Seun, Heilige Gees. *Vader* is 'n bedeling van die Vader, dit was nie drie Gode nie, drie ampte van dieselfde God, die Vaderskap, die Seunskap, die Heilige Gees, dieselfde God in elkeen. Hoef nie enige Niceense Raad daarvoor te hê nie. Dis God, dieselfde God altyd, een God. Hy was in die Vaderskap, dis waarom Matthéüs gesê het: "Doop hulle in die naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees." Nie drie Gode nie, een God in drie ampte, Vader, Seun en Heilige Gees, drie eienskappe. Sekerlik.

154 Hy was in die Vuurkolom as God, Jehova, Hy, niemand kon Hom aanraak nie, sonde was so ver van Hom af, Hy kon nie naby hulle kom nie. Toe het Hy gekom en 'n maagd oorskadu, 'n Bloedsel in haar skoot geskep, die Kind het voortgekom, Jesus, heilige liggaam, nóg Heiden, nóg Jood, God se Eie Bloed.

155 En toe het die groot Heilige Gees neergedaal uit die Hemel, die Gees van God, soos 'n duif wat neerdaal, en op Hom gegaan: "Dit is My geliefde Seun," korrek op die regte vertaling: "in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon." "My Vader woon in My." Vra enige goeie vertaler van die Skrif en vind uit of dit nie in die Hebreeus is nie. Ja, meneer. "In Wie Ek 'n welbehae het om te woon."

156 Jesus het gesê: "Die Seun kan niks uit Homself doen nie. Nie Ek wat die werke doen nie, maar My Vader, Hy woon in My, Emmánuel." Nie nog 'n God *daar* bo, en nog Een *hier*, en nog Een *hier* onder nie, dis heidens, een God in drie ampte. God die Almagtige Vader het neergedaal en in Sy Seun, Christus Jesus, gewoon; Hy het Sy lewe gegee om Homself te probeer terugbring na gemeenskap met Sy mense, probeer om terug te kom.

157 Niemand kon die prys betaal nie, almal sondaars. En Sy Eie Seun is sonde gemaak vir ons om ons sondes weg te neem, en dit sou dieselfde Vader God in die vorm van die Heilige Gees laat afkom en in ons woon, en deur ons werk, soos Hy het met Sy Seun wat geskape is. Amen. Daar's julle waarheid.

158 Julle het aan een kant van die pad beland, *hier* oorkant, te sê: "God is *een*, soos jou vinger een is, Hy kan nie Sy Eie Vader wees nie."

Het hulle *hier* oorkant wat sê: "Hy's drie verskillende Gode."

159 Wel, as Hy drie verskillende Gode is, dan is God die Heilige Gees, en God die Vader twee verskillende Mense, dan het die maagd swanger geword deur die Heilige Gees. Watter Een was Sy Vader? Het een Vader. Die Heilige Gees en God is die-Selfde Gees, dis korrek. Dan in daardie . . .

160 O, dis nie geheimsinnig nie. As Hy gehad het . . . As—as 'n man was . . . As Twee Sy Vader was, dan is Hy 'n buite-egtelike kind,

sekerlik, geestelik. Sien, dis alles deurmekaar, dit maak nie sin nie. Die enigste ding, dat mense dit probeer uitdink met hulle kop, in plaas van om hulle hart na God te laat gaan. En God sou daardie dinge aan hulle openbaar, as julle Hom dit net laat doen. Ja, meneer.

161 Hy kan nie Sy Eie Vader wees nie, Jesus kon nie die een Jesus wees, een God, alles soos daardie nie, Hy is geskep deur God die Vader. Reg. En God die Vader het in Hom gewoon dat Hy Sy Bloed kon gebruik vir heiligmaking, en Sy Kerk reinig met daardie selfde Gees, om in Sy Kerk te lewe, om die werke en die tekens te doen, en die Skrif te vervul wat Hy belowe het: "In die laaste dae, soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." [Leë kol op band—Red.] . . .? . . .

162 Dis reg, om te leer wat iemand anders . . . Wat het Jesus vir Petrus gesê? "Geseënd is jy, Simon, seun van Jona, jy het dit nooit in die kweekskool geleer nie, vlees en bloed het dit nooit aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is, het dit aan jou geopenbaar. En op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel kan dit nie oorweldig nie." Dis waarom Hy hom die sleutels gegee het, hy het die openbaring gehad, dis geopenbaarde waarheid.

163 O, die, daardie—daardie klein dingetjies waaroor hulle baklei en hulle afskei, dit wys dis nie van God nie, of hulle sou hulleself nie so afskei nie. Waarom kom julle nie bymekaar en word broers, susters nie? Laat die krag van God onder julle werk, dit sal dit alles uitwerk. God is die Leermeester van die Kerk, die Heilige Gees, dis korrek. Jy hoef nie jou hele lewe te gebruik om net so-iets te probeer leer nie, die beste ding wat jy weet jy's gered en roep- . . . begin wandel met God, wat Hy wil hê jy moet weet, dit sal Hy aan jou openbaar.

164 Daar was God Almagtig, wat vlees geword het in 'n herdenking wat . . . Jesus het gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, *in julle*, tot aan die einde van die voleinding," die heelpad tot aan die einde van die wêreld. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

165 Hy's hier. Dis Christus wat in jou werk, en my, en die res van ons, wat probeer om Sy Woord bymekaar te bring om te bevestig, en om Sy Woord te vervul. Waarom het Jesus die siekes genees, Matthéüs 12? Matthéüs 8, glo ek is dit. Hy het gesê: "Sodat dit vervul mag word wat gespreek is deur die profeet." Die Woord van God moet vervul word, hierdie is die uur.

166 Telepatie, noem hulle dit, hulle het dieselfde ding daar, 'n duiwel genoem. Hy het gesê: "Dis onvergeeflik om die Gees van God wat werk, so-iets soos daardie te noem." Ek wil hê julle moet daaraan dink voor julle julle besluite gaan neem. Daar's 'n nuwe

bediening wat God bevestig het, en ons weet dit is die Goddelike waarheid, maar op *een of ander manier* wil dit net nie hier in—in Amerika werk nie, dit werk op ander plekke, nou, groter as wat ons hier het.

167 Maar julle sien, ons het net—ons het net ons dag van genade weggesondig, dis al wat dit is. Ek het dit voorspel in 1956, en dit was van toe af so, wat die heeltyd verval. Sien? Maar God sal daardie uitverkore Kerk uittrek, Hy's—Hy is verplig om dit te doen, Hy het gesê Hy sou dit doen.

168 Nou, kyk na daardie Engel met Sy rug gedraai, vir Sara gesê waaraan sy gedink het. As dit nie die Woord van God is nie, weet ek dit nie. Die Bybel het gesê in Hebreërs 4 dat "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, en selfs 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart, verstand." Reg, Dit onderskei, Dis die Woord van God. En die Woord van God is in jou as jy die Woord sal toelaat, want Hy is die Woord.

169 "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon." Sien dit? Dan daardie selfde Woord, Christus, die belofte, die Heilige Gees, julle noem Dit die derde Persoon van die drie-eenheid, dis goed, dis wat Dit is, Christus, die Heilige Gees in jou, Hy was eenmaal in 'n Vuurkolom, toe het Hy gekom, het vlees geword, nou het Hy in julle vlees gekom.

170 Wat doen Hy? God wat neerdaal, probeer naderkom aan Sy mense sodat Hy liefgehê en aanbid kan word. En ons het, in die Laodicése Eeu, Hom buite uitgesit, Hy klop, om weer te probeer inkom.

171 "Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek, bely," het Hy gesê. Hier is ons. Dis God, dis God ons Vader in die vorm van die Heilige Gees wat probeer terugkom in ons lewens om ons te beheer. Hy moet 'n Kerk hê om, soos ek gisteraand gesê het, daardie Hoofsteen op te laat kom, Dit moet volmaak daar opkom, en die Kerk moet in volmaaktheid intrek.

Jy sê: "Volmaaktheid?"

Dis wat Hy gesê het: "Wees julle volmaak, soos My Vader in die Hemel volmaak is," God.

172 Laat ons 'n idee neem, kom ons neem 'n—kom ons neem 'n klein voorbeeld hier vir 'n oomblik. Let hierna op, nou, soos ek vanmôre gesê het, as 'n wingerdstok druiwe-lewe daarin het, sal dit druiwe voortbring.

173 Nou, hierdie Vuurkolom wat saam met die kinders in die woestyn gegaan het, enigiemand weet dat Dit God was. Ons weet dat Dit God was, Hy het vir Abraham gesê, uh, vir Moses gesê: "EK IS WAT EK IS. En Ek het die ellende van My volk gesien, en hulle gekerm gehoor as gevolg van die slawedrywers, en Ek het afgekom om hulle te verlos."

174 Nou, dit was die Vuurkolom in daardie bos. Glo julle dit? Die Engel van die Verbond. Wel, dit was 'n. . . Dit het op Berg Sinai geland en die gebooie geskryf. Selfs as 'n dier aangeraak het, moes dit doodgemaak word. Wat was dit? Want daar was geen sonde-offer, 'n dier nie.

175 Sien, toe die Ou Testament, toe hulle 'n sonde-offer geoffer het, het hulle 'n lammetjie geneem, het hulle hande daarop gelê, hulle sondes bely, en hulle het sy keel afgesny. En wanneer die outjie gesterf het, geskop, en geblêr het, wel, het die bloed oral oor die hande van die aanbidder gekom, en dan het hy die dood voel uitgaan uit daardie dier soos dit verstyf en gesterf het, en hy het geweet dat daardie dier in sy plek gesterf het.

176 Maar die Bybel het gesê hy het uitgegaan met dieselfde begeerte wat hy gehad het toe hy ingekom het, want sien, toe daardie bloedsel gebreek is, kon daardie dierlike gees nie terugkom en ooreenstem met die menslike gees nie. Die dier het geen siel nie, so hulle kon nie terugkom nie, so daarom het hy uitgegaan met dieselfde gewete. Maar wanneer 'n man, deur geloof, kom, sy hande op die kop van Jesus Christus lê en Sy lyding vir jou sondes voel, en toe daardie Bloedsel op Gólgota gebreek is, het nie net die lewe van 'n menslike wese teruggekom nie, maar die Lewe van God kom terug van daar af en maak jou 'n seun en dogter van God.

177 Kyk toe daardie Vuurkolom vlees geword, en onder ons gewoon het. Hoe het ons Hom nou die aand gevind, wat Hy gedoen het? Hoe hulle Hom geken het, deur die gedagtes van die hart te onderskei. Hulle het geweet Dit was daardie Profeet waarvan Moses gepraat het, Hy het aanspraak gemaak om dit te wees, hulle het geweet dit was, dis hoe Hy was. Nou, Hy het weer terug verander Daarin, het julle dit geweet?

"O, nee, Broer Branham."

O, ja, Hy het, ook. Hy het gesê, toe Hy hier op aarde was, het Hy gesê: "Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe." Is dit reg?

178 En nadat Hy dood is, begrawe, opgestaan, en opgevaar het Omhoog, was Saulus van Tarsus eendag op sy pad af na Damaskus om die mense in die tronk te gaan sit wat aanbid het, en meteens het 'n groot Lig voor hom geflits, en hy het op die grond geval. En daardie groot Lig was so helder dat Dit Saulus se oë verblind het, hy was blind vir 'n seisoen. En Hy het gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus." Weer teruggegaan na die Vuurkolom.

179 En ons het die foto Daarvan reg by ons, die Pinksterkerk. Halleluja! Nou, is Dit dieselfde Gees? Is Dit dieselfde Vuurkolom? George J. Lacy, die hoof van die FBI, vingerafdruk

en dokument, jy. . .daar’s sy dokument daarop geskryf, gesê: “Die Lig het die lens getref.” Gesê: “Daar’s geen sielkunde daaraan nie, want hierdie meganiese oog van die kamera sal nie sielkunde afneem nie.” Het die lens getref.

180 Het nog een reg hierbo by die ander plek, het hulle in Switserland en in Duitsland. Hulle wil weet of hulle *foto’s* Dit sou neem, die groot Duitse kameras het uitgekom, en ek het daar gestaan, ek het gesê: “Sekerlik, as God dit sal toelaat.”

Daar het ek daar uitgekom en gepraat, en ek het gesê: “Nou, Dit kom.”

181 En hierdie Duitser, wat net daar gestaan het, sou sy foto’s draai, hulle neem, en toe dit het, het dit die Heilige Gees gewys wat afkom, gewys toe Dit. . .Die man daar oorkant gewys met sy agterstevoor kraag, en ek het vir hom gesê, deur die Gees: “Jy staan daar soos ’n priester, maar jy’s nie ’n priester nie. Jy’s nie eers ’n Duitser nie,” Ek het gesê: “jy’s ’n Italianer, jy’s ’n leier van twintigduisend kommuniste. Jy het weggeloop met ’n groepie, jy het ’n klein weeshuisie bo in die berge. Jy het nie jou ontbyt geëet nie, want jy het maagprobleme. Dis SO SPREEK DIE HERE.” Ek het gesê: “Eet jou ontbyt, Jesus Christus maak jou gesond.”

Hy het gaan sit en begin eet so hard as wat hy kon, hy het gehuil.

182 En hulle het die foto geneem van die Heilige Gees wat afkom, toe Dit neergedaal het, toe Dit gesalf het, en toe Dit weggegaan het, net reg in die daglig, daar gestaan. Wat is dit? Nie sielkunde nie! Is jy so ver weg van God, my broer? Nie sielkunde nie, die kamera weet meer daarvan as jy.

183 Nou, is Dit die Heilige Gees? Wel, as Dit die werke van Jesus Christus doen, is Dit dieselfde Gees wat daar op Hom was. Dan kan julle gerus wees dat julle wat in God glo, en glo julle het die Heilige Gees, dat Dit dieselfde Heilige Gees is, want Dit doen dieselfde ding wat Dit gedoen het toe Dit op die regte Seun van God was. Wanneer Dit kom op seuns en dogters van aanneming, doen Dit dieselfde ding wat Dit daar gedoen het.

184 As ek vir julle gesê het ek het die gees van John Dillinger, sou julle gekyk het dat ek twee groot gewere sou hê, as ek sy gees gehad het. As ek die gees van ’n kunstenaar gehad het, sou julle verwag dat ek die skilderye van die golwe daarbuite moes skilder, daardie pragtige golwe vasvang en hulle verf; as ek die gees van ’n kunstenaar gehad het, kon ek dit doen. As ek die gees van ’n werktuigkundige gehad het, kon ek na jou motor luister en vir jou sê wat verkeerd is daarmee.

185 As ek vir julle sê ek het die Gees van Christus, doen dan die werke van Christus. Julle my nie kan glo nie, wel, glo die werke, glo dat God Dit gestuur het. Omdat ek nie aansluit by die organisasies en dinge nie, wil julle dit nie glo daarvoor nie, glo dan die einste werke en word gered. Dis reg.

186 Ek weet dis moeilik, ek weet nie hoekom ek dit sê nie, maar dis—dit moet iewers gesê word. Dit moet waarheid wees, dit moet bekend gemaak word. Op die Oordeelsdag, sal ek julle daar ontmoet, in die Naam van die Here Jesus, Hy sal steeds bevestig dat dit waarheid is, maar dis in Sy Bybel, "En hemele en aarde sal verbygaan, My Woord sal nooit." Amen. Kom terug na God, dis die oproep. Gaan weer terug na God.

187 Abraham het Hom *Elohim* genoem. Sy rug gedraai, julle gewys wat God toe gedoen het, want Abraham het herken dat Dit God in menslike vlees was wat net hier by hom vertoef het, met hom gepraat het.

188 Jesus het gesê, met ander woorde, Hy het gesê vir . . . Weet julle wat die Engel van die Here gedoen het daaronder by Sodom? Kyk wat het die Sodomiete gedoen, hulle het gekoop, en gebou, o, goeiste, kontrakteurs regoor die land, geboue.

189 Het julle ooit so 'n tyd gesien? Ek kan nie eens meer gaan konynjag by die huis nie, die, dis alles behuisingsprojekte waar die plaas was. Ek weet nie wat ons gaan doen om te eet nie. Bou, bou, dis presies wat Jesus gesê het sou plaasvind. Het Hy dit gesê? Hulle het getrou, is uitgegee in die huwelik, soos in die dag van Noag. Kyk na die Reno, Nevada's, en kyk hier.

190 Dit sou beter vir hierdie volk gewees het as dit gehad het—as dit gehad het, ek beter dit nie sê nie. Goed. Maar, in elk geval, dit sou beter wees om drie of vier vroue te hê as, ek sal liewer voor God staan met drie getroude vroue, of vyf getroude vroue wat langs my staan, as om daar te staan met een vrou, en saam met 'n ander man s'n uit te gaan. Ja, meneer. Ek sou 'n beter kans voor God hê.

191 Jy kan nie sondaars forseer om 'n Christen se plig te aanvaar en dit te doen nie, hulle kan dit nie doen totdat hulle wedergebore is nie. Dis reg. Ons is ver van 'n Christenvolk af. Hoe sou ons elke dranksmokkelhuis oopmaak wat op die hoek is, en die dinge doen wat ons doen, onsself Christene noem? Dis nie Christene nie, niks meer as wat 'n vark van 'n sysaal weet nie.

192 Wel, jy kan dit nie Christendom noem nie, ons is geen Christenvolk nie, nee, meneer. Daar's Christene *in* hierdie volk, maar dis nie 'n Christenvolk nie. Ek dank God vir die Christene wat hierin is. "Dis nie almal wat vir My sê: 'Here, Here,' sal doen . . . sal inkom nie, maar die een wat die wil doen van My Vader wat in die Hemel is," dis die een wat inkom.

193 Wat help dit om halfpad te wees? Wat help dit om 'n louwarm kerk te hê? Wees óf vuurwarm, óf—óf yskoud. Moenie aanspraak maak om Pinkster te wees, as jy nie soos Pinkster lewe nie, moenie hoër spring as wat jy lewe nie. Dis reg. Dis 'n skande, dit bring 'n skande oor die res van hulle. Dit is nie die dranksmokkelhuise, soseer, wat die ongelowige seermaak nie,

dis hierdie mense wat aanspraak maak om iets te hê en *optree* soos die wêreld, dis wat die struikelblok is.

194 ’n Kerk wat veronderstel is om aan die brand te wees vir God, en rondgaan en die einste Gees van God noem wat kom, sê: “Dis—dis mistiek, dis telepatie, dis alles *dit*, *dat*, of die *ander* een,” want ons behoort nie aan hulle organisasie nie. Skaam julle! God wees julle sondige siele genadig. Julle sal dit ontmoet by die Oordeelsdag, en miskien, voor julle by die Oordeel kom, dis reg, want God het dit belowe.

195 O, ons is in ’n verskriklike tyd, vriende. O, die wêreld sink, die volk sterf.

> Nasies verbrokkel, Israel ontwaak,
> Die tekens wat die profete voorspel het;
> Die Heiden se dae getel, met gruwels wat wag;
> “Keer terug, O verstrooides, na julle eie.”
>
> Dag van Verlossing is naby,
> Mense se harte gee in van vrees;
> Wees gevul met God se Gees, julle lampe geknip en helder,
> Kyk op! Julle verlossing kom nader.

196 O, wat ’n dag waarin ons lewe! Wat as Paulus in hierdie dag gelewe het? Wat as Petrus in hierdie dag gelewe het, en om Pinkster in die toestand te sien? Hy sou julle skud, hy sou beslis, want hy het die Heilige Gees in hom gehad, hy sou beslis.

197 Nou let op, ek wil julle wys wat God belowe het vir daardie oorwinnaars, wat God vir daardie oorwinnaars gedoen het. Ek het net vyftien minute om betyds te verdaag. Laat ons sien wat God gedoen het, net daar, toe Abraham dit herken, en gesê het: “Ja, dis God,” het Hom *Elohim* genoem: “My Heer,” nie “My Here” nie, “My Heer.” “My Heer,” het hy gesê, hoofletter H-e-e-r. Let op wat hy Hom genoem het.

198 En toe hy Hom herken, en geweet het wat dit was, en hy gevra het vir genade vir *soveel* mense, *soveel* mense, en uiteindelik het hy van vyftig afgekom na tien, kon hulle steeds nie vind in—in Sodom nie, of Hy sou die stad gespaar het, maar Hy kon hulle nie eers in die hele kerk vind nie, daaronder kon daar nie vyf, of, tien eerlike mense wees nie, hy het net drie uitgekry, het vier gehad, en een van hulle het omgedraai, omgekyk, sy vrou. Sy wou nie haar mooi Hollywood goed, en haar mooi plek los nie, julle weet. En sy het verander in ’n soutpilaar.

199 Moenie omkyk nie. “Hy wat sy hand aan die ploeg slaan, en net omdraai om om te kyk, is nie waardig om te ploeg nie.” Dis wat in hierdie kerk is, broer. Julle het julle hande aan die ploeg geslaan en julleself Pinkster genoem, gevul met die Heilige Gees, hou op om na die wêreld te kyk, en op te tree soos die wêreld, en julleself blink te vryf soos die wêreld, met al hierdie soort goed, en wêreldse goed te hê, en tuis te bly en televisie te kyk, in

plaas van om te kom, biduur toe, terwyl sondaars na die altaar toe kom, en nooit 'n beweging uit enigiemand kry nie, kom, geen belangstelling meer nie.

200 Laat ek julle 'n klein waarskuwing gee, Eségiël die 9de hoofstuk, het die Bybel gesê, vir die merker gesê met die—met die Heilige Gees, "Gaan deur die stad, en plaas 'n merk op hulle wat sug en steun oor die gruwels wat in die stad gedoen word." Hoeveel het dit ooit gelees? Sekerlik. "Moet niemand anders as hulle merk nie." Tel op julle vingers en hou hulle op na my, hoeveel mense, kan enigiemand in hierdie gebou merk, wat dag en nag sug en steun oor die gruwels wat in hierdie stad gedoen word? Ek sien nie 'n vinger nie.

201 "Plaas *net* 'n seël op hulle wat sug en steun oor die gruwels wat in die stad gedoen is." Baie van hulle was selfs bang om daarteen te preek, baie van hulle was bang. God gee ons manne met ruggraat in plaas van wensbeen. Ja, meneer. Gee ons nog 'n Johannes die Doper, stuur hom uit, salf hom met die Heilige Gees, wat nie enigiets terughou nie, maar by die Woord sal bly. En as hy by die Woord bly, moenie bang wees nie, God sal Sy Woord ondersteun.

202 Ek het allerhande noue ontkomings gehad, waar duiwels, en alles opgestaan het, ek het gesien hoe hulle verblind blind, neergefel word, en al die res. Moenie vrees nie, bly net daar by die Woord, kyk wat God doen; wees net seker dat jy reg is met God. Bly by daardie Woord, en kyk wat gebeur.

203 As Broer Arganbright naby sit, kan hy vir julle die storie vertel, ek het nou gedink aan vyftien toordokters aan een kant, en vyftien aan die ander een, 'n storm opgeroep het om die tent in Switserland weg te waai, of, ek dink dit was Fra-. . . Duitsland. Sou die tent wegwaai, vir ons gesê hulle gaan dit doen, en daar gesit en daardie vere geknip en deur die bewegings begin gaan: "Vader, Seun, Heilige Gees, *blrr*, *blrr*, *blrr*. Vader, Seun, en Heilige Gees," drie hoë woorde, het hulle gesê. Alles soos daardie, en hier kom die storm op.

204 Broer Arganbright sal julle dieselfde vertel, waar tiene van duisende mense, die tent wat op-en-af spring. Ek het gesê: "Bid, Broer Arganbright." Ek het gesê: "Broer Lowster, moet dit nie tolk nie."

205 Ek het gesê: "Hemelse Vader, ek het van daardie vliegtuig af geland hierbo in die Naam van Jesus Christus, omdat U my hiernatoe gestuur het, U het belowe dat U vir my sou sorg. Wat kan ek doen in 'n geval soos hierdie? Ek bestraf hierdie storm, in die Naam van Jesus Christus."

206 Net binne een sekonde het daardie storm reg oor die tent verdeel, en terugbeweeg, donderweer het begin terugrol, soos *daardie*, en duisende het na die altaar toe gehardloop om gered te word, en die toordokters is verslaan.

207 Daardie man wat buite in die diens sit, een van daardie towerspreuke op my probeer gooi, om my te laat blaf soos 'n hond, om daarbinne af te wys, hy het nie geweet, terwyl hy daar gesit het nie. En ek het daardie vreemde gees bly voel, ek het gedink: "Ek haat dit om dit te noem, want hy's iemand se vriend."

208 Jesus het gesê: "Laat hulle saam groei, jy trek die koring uit wanneer jy die onkruid uittrek." En ek het soontoe bly gaan, en hy het aangehou.

209 Na 'n rukkie het die Heilige Gees met my bly praat, ek het omgedraai, ek het gesê: "Jou bedrieër! Waarom sou jy in die diens inkom, die diens van God om iemand te probeer mislei?" En hy het bly rondkyk, asof ek gepraat het met. . . Ek het gesê: "Dis met jou wat ek praat." Ek het sy naam genoem. Ek het gesê: "Omdat jy dit gedoen het aan die Gees van God, sal iemand jou hier uitdra." En hy's nog steeds verlam. Sien?

'n Brief geskryf, en gesê: "Wat moet ek doen?"

Ek het gesê: "Bekeer!"

Gesê: "Kom, haal hierdie van my af."

210 Ek het gesê: "Ek het niks-. . . Ek het nooit niks te doen gehad met dit wat oor jou gekom het nie, jy het dit oor jouself gebring. Die Bybel het gesê: 'Dis baie beter dat 'n meulsteen om jou nek gehang word, en jy verdrink word in die dieptes van die see, as om die gesalfdes van God te laat struikel.'" Dis reg. Ons het ons vrees vir God verloor, die respek vir Christene. O, hoe ons behoort terug te keer na God!

211 Kyk wat God Abraham hier gewys het omdat hy die Woord geglo het, kyk wat gebeur het. Wat het Hy aan Sara gedoen? Weet julle wat het Hy aan Sara en Abraham gedoen? Wys wat Hy aan al Sara en Abraham se Saad gaan doen, die Saad van Abraham, wat Hy gaan doen. Weet julle wat Hy gedoen het? Kyk wat hulle onmiddellik daarna gedoen het, hulle het 'n lang reis onderneem van waar hulle gekamp het, daarbo, Sodom, al die pad na Gerar, onder in die Filistynse land, omtrent driehonderd myl.

212 Dis nogal 'n lang staptog vir 'n ou man van honderd jaar oud, en klein, ou oumatjie met 'n tjalietjie om haar skouers, wat aangaan soos *hierdie*, driehonderd myl ver op 'n staptog. Dit was nie so nie, Hy het hulle terug verander na 'n jong man en 'n jong vrou. Ek kan dit bewys, Hy het. En dis 'n belofte aan al sy Saad wat Sy Woord sal aanvaar, en Daaraan sal vashou soos daardie.

213 Hy het Sara terug verander na 'n jong vrou sodat sy daardie baba kon hê. Ek wil iets sê, nou, julle luister na julle dokter, ek's julle broer. Nou kyk, as sy so oud was, sou Hy haar hart moes versterk, of sy sou nie in kraam kon gaan nie, negentigjarige vrou, dis reg, Hy sou haar hart moes lap.

214 Die melkare van haar bors het opgedroog. Hulle het nie gehad. . . Vroue het nie sigarette gerook in daardie dae nie, so

hulle het net hulle baba op hulle borste grootgemaak, julle sien, en het dit nie beesmelk gegee nie, so hulle—hulle—hulle moes hulle met hulle borste voer. En die melkare was opgedroog. Kyk net watter toestand! Hy sou haar moes lap. God lap nie, Hy maak nuut. Ja.

215 Ek kan Sara sien terug verander na 'n pragtige vrou, omtrent vyf-en-twintig jaar oud; ek kan Abraham sien omtrent vyf-en-twintig, of dertig jaar oud.

Ek kan Sara hoor sê, een oggend wakker word, sê: "Skat, het jy geweet, daardie boggel verdwyn uit jou skouers?"

216 Ek kan hom hoor sê: "Skat, daardie mooi, bruin oë wat jy altyd gehad het, het teruggekom. En die kleur kom weer terug in jou hare." O, goeiste! Ja.

Nou, jy sê: "Nou, Broer Branham!"

217 Wag 'n oomblik, wag 'n oomblik, sien, die Bybel is 'n liefdesverhaal vir die gelowige. Nou, wanneer ek oorsee gaan, skryf Mev. Branham vir my 'n brief, en sy het gesê: "Liewe Billy, ek sit hier vanaand, Ek moet die kinders in die bed sit, ek het net so pas klaar gebid vir jou, ek weet dat God jou seën."

218 Sien, dis wat sy sê, maar ek lees reg tussen die lyne, ek het haar lief, sien, ek weet waarvan sy praat. Sy sal my nie net alles daarvan vertel nie, maar natuurlik weet ek dit in elk geval, hoe sy skryf.

219 Wel, dis hoe jy die Bybel lees, tussen die lyne. God het... Dis waarom Hy dit weggesteek het vir die oë van die wyses en verstandiges, hulle sê: "Ek het 'n Ph.D., 'n D.D.D." Weet julle waarvoor D.D. staan? Dooie hond. [Eng. "dog"—Vert.] So, ek sê jou, broer, wat, ons het dit nie vandag nodig nie, ons het nie een of ander *teologie* nodig nie, maar *knieologie* is wat ons nodig het. Ja. Wel, die Bybel het dit *stom hond* [Eng. "dumb dog"—Vert.] genoem, so dit sou net so erg wees, julle sien, gesê hulle was stom honde, D.D.'s.

Nou, let op, daar was hy daarbinne.

220 "Ek het *dit* en ek het *dat*." Wel, dis alles reg, ek wil graag Jesus hê. Hulle het gesien dat Petrus en Johannes onkundig en ongeleerd was, maar erken dat hulle by Jesus was. Nie een van hulle kon hulle naam teken, of enigiets nie, maar hulle het geweet hulle was by Jesus, dis wat ons moet doen, weet dat hulle by Jesus was.

221 Nou, wanneer julle die Bybel lees, Hy het dit verberg vir die oë van die wyses en verstandiges, en sal dit openbaar aan kindertjies, wat wil leer, so wanneer julle dit hier gaan lees, kyk nou wat gebeur, om julle te wys dat dit is wat Hy gedoen het. Die eerste ding...

Nou, jy sê: "O, Broer Branham, hulle was net..."

222 Nee, die Bybel het gesê hulle was ver gevorderd in jare, dis reg, ver gevorderd in jare. Nou, my wettiese broer, ek wil jou nie baie hard knyp nie, maar ek wil hê jy moet weet ek—ek kan steeds net ’n bietjie knyp met die Woord, sien. Ek wil jou nie seermaak nie, maar ek wil hê jy moet kyk wat gebeur het.

223 Hy gaan af na Gerar, en toe hy daaronder gekom het, gaan ek jou kant neem daarvan, hier’s klein oumatjie wat aankom, amper ’n honderd jaar oud, klein stofkappietjie, en tjalietjie, julle weet, wat voortstrompel. En julle weet, Abiméleg daaronder in Gerar, hy was ’n koning, en hy het gesoek na ’n vrou, en al daardie mooi Filistynse vroue, maar toe hy vir oumatjie gesien het, het hy gesê: “Dis die een waarvoor ek gewag het!”

224 O, Abraham het gesê: “Ek. . .Wees my genadig, sê jy is my suster.” Wat sy was. Gesê: “Sê jy is my suster.” Want, sien, in daardie dae (Ek mag hier stop as die prediker een of ander tyd daaroor wil preek, jy mag dit deur die Bybel volg.) onthou, mans het soveel vroue gehad as wat hulle kon bekostig om te hê, maar geen vrou kon twee lewendige mans op dieselfde tyd hê nie. Dawid het vyfhonderd vroue gehad, maar nie een van hulle het ’n ander man gehad nie. Um-hum. Ek beter stop, net nou. Sien? Goed. As hulle net die waarheid daarvan geweet het, sou dit hierdie kerke wyd oopskeur, dis reg.

225 Nou, let op wat sou gebeur as jy net kom by waar God ’n paar dinge aan jou kon openbaar van die Gees!

226 Nou let op, nou, hy het gesê: “Nou, hulle sal my doodmaak, en jou lewendig hou.” Want solank hy met haar getroud was. . . Gesê: “Sê jy is my suster, en dit sal goed gaan met my.”

227 Nou, hier was Abraham wat soontoe gegaan het, en hier was Saratjie, klein oumatjie, julle weet, wat aankom, en Abiméleg het gesê: “O, daar’s ’n skoonheid, dis die een wat ek wil hê, ouma!”

228 Nee, dit klink dwaas, nie waar nie? Sien? Dit was nie, sy was ’n pragtige vrou. Sekerlik, sy’s weer jonk. O! Moenie bekommerd wees nie, moeder, dit kom eendag, kyk pa, wees net die Saad van Abraham, hê daardie geloof, dis wat dit verg. “Ons wat dood is in Christus, ons is Abraham se Saad.” Maar jy moet dood wees in Christus, Christus aanneem, die Heilige Gees in jou, dis Abraham se Saad, en Hy sal jou weer opwek, ouderdom sal niks beteken nie.

229 Ek het ’n *wetenskap* gevra, hier nie lank gelede nie, ek het gesê: “Ek wil graag hê jy moet my iets sê. Is dit so dat elke keer wat ek eet, ek wat gemaak is uit die stof van die aarde, en elke keer wat ek kos eet, dan hernu ek my lewe?”

Hy het gesê: “Dis reg. Maak bloedvate, en—en die bloed, jy kry nuwe bloed uit jou kos,” en gesê: “dit maak nuwe lewe.”

230 Ek het gesê: “Jy weet, toe ek sestien jaar oud was, het ek dieselfde kos geëet wat ek nou eet,” en ek het gesê: “elke keer

wat ek eet, het ek groter en sterker geword, nou maak nie saak hoeveel ek eet nie, word ek ouer en swakker. As ek my lewe hernu, waar is, wat gebeur daarmee? Sê my, ek het 'n beker water en 'n glas wat-. . . wat hier staan, en ek begin water uit hierdie groot beker in hierdie glas ingooi, en dit begin vol word, en word halfvol, en ek begin vinniger gooi, en dit bly die heeltyd sak, bewys dit wetenskaplik vir my." Kan dit nie doen nie, ek kan met die Bybel, dis 'n afspraak. Dis reg.

231 Dis reg. God het bepaal, toe Hy jou en jou moeder op die regte ouderdom gesien het, toe jy jonk en getroud en gelukkig was, onthou dit, pa? Voor die kinders gekom het, die eerste ding waarvan jy weet, is sy die mooiste ding waarna jy ooit gekyk het. O, goeiste, jy het net gedink sy was 'n skoonheid; en hoe sy jou bewonder het, wat staan, daardie reguit skouers.

Naderhand, het jy rondgekyk, en gesê: "Moeder, daar's plooie wat onder daardie mooi oë kom."

"Ja, Pa, 'n bietjie grys kom ook *hier* in, wat bo uitglip."

232 Wat is die probleem? Sien, die dood het ingetree, dit gaan jou eendag vasdruk, maar luister, in die opstanding sal daar nie een ding wees wat die dood simboliseer nie, ons sal nuut wees. Halleluja!

233 Ek het omtrent vier of vyf hare oor aan die bokant, en ek het hulle gekam 'n paar dae gelede, of 'n tyd gelede, hulle gekam, en my vrou het gesê: "Billy, weet jy wat? Jy's net omtrent kaalkop, Skat."

Ek het gesê: "Maar ek het nie een van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Sê dan vir my waar hulle is."

234 Ek het gesê: "Wag 'n oomblik, Skat, kom hier." Ek het gesê: "Sê jy vir my, vo-. . . waar hulle was voor ek hulle gekry het, hulle moes iewers vandaan gekom het, sê vir my waar hulle was voor ek hulle gekry het, ek sal jou sê waar hulle is, en vir my wag om na hulle toe te kom."

235 Halleluja! My God is Abraham se God. Amen. Elke haar van jou hoof is getel. Al die plooie sal wegvlieg, ouderdom sal verbygaan. O, glorie aan God! En ons sal vir altyd 'n nuwe skepsel wees, wat staan in die prag van jeug en geluk. Amen. Dis ons God.

236 O, ek sal 'n, net 'n, miskien 'n lepel vol stof wees, maar Hy sal my eendag roep, sê: "*Phew!* Kom voort, Billy."

Ek sê: "Hier is ek, Here, hier is ek, Vader." Ja, meneer.

Hy sal nooit kom sê: "Nou, Mnr. Branham, Charles, jy en Ella gee weer geboorte aan William, want hy was een van My diensknegte," nie.

Nee, nee. Hy sal net *spreek*, en ek sal Hom antwoord. Amen. Halleluja! *Halleluja* beteken: "Prys ons God." Ek dink Hy is alle lof waardig.

237 Iemand het vir my gesê nie lank gelede nie, sy het gesê, 'n vrou wat aan 'n ander denominasionele kerk behoort het, sy het gesê: "Broer Branham, daar's net een ding verkeerd met jou bediening wat ek vind."

Ek het gesê: "Wat is dit?"

Gesê: "Jy spog te veel met Jesus."

Ek het gesê: "Ek *wat*?"

Gesê: "Jy spog te veel, jy maak hom Goddelik."

Ek het gesê: "Hy was Goddelik."

En sy het gesê: "O, hy was 'n profeet."

Ek het gesê: "Hy was meer as 'n profeet, Hy was die God van die profete." Dis reg.

238 "O," het sy gesê...Julle weet van watter godsdiens ek praat, ek wil nie julle gevoelens seermaak nie, dit was Christen Wetenskap vrou. Sien, want baie van hulle kom na die diens toe, word genees, dis alles reg. Sy het gesê: "Wel, hy was—hy was 'n goeie man, ek glo hy was 'n profeet."

Ek het gesê: "Hy was óf God, óf die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het." Hy was God Self.

En sy het gesê: "Ek sal met jou eie Bybel bewys, jy het gesê jy was 'n fundamentalis, ek sal met jou eie Bybel bewys dat hy niks behalwe 'n man was nie."

Ek het gesê: "Bewys dit."

239 En sy het gesê: "Johannes die 11de hoofstuk, toe Jesus afgegaan het na die graf van Lasarus, het die Bybel gesê hy het geween, wat bewys het dat hy 'n mens was, soos jy is."

En ek het gesê: "Is dit jou Skrif?"

Sy het gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Suster, dis dunner as die kragsop wat gemaak is van 'n skaduwee van 'n hoender wat doodgegaan het van die honger." Ek het gesê: "Dit sal nooit standhou nie."

Sy het gesê: "Wat bedoel jy daarmee?"

240 Ek het gesê: "Hy het geween soos 'n man, dis reg, op pad na die graf, maar toe Hy gestaan het, Sy krom skouertjies, en hulle opgetrek, en gesê het: 'Lasarus, kom uit,' en 'n man wat al vier dae dood was, op sy voete gestaan het, weer gelewe het, het dit het meer geverg as 'n mens." Ja, meneer. God!

241 "Ek is die Opstanding en die Lewe," sê God. Nie 'n man nie, nie 'n profeet nie, maar God, dis wat Hy was. "Ek is die Opstanding en die Lewe," sê God. "Hy wat in My glo, sal lewe, al

het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie." Gesê: "Glo jy dit?"

En sy het gesê: "Ja, Here, ek glo." Dis reg, iets moet gebeur. Nie 'n man nie, God.

242 Nou, laat ons Abraham volg. So, Sara, Abiméleg het gesê: "Jy weet, daar's daardie pragtige, Hebreeuse vrou." Gesê: "Is dit jou man?"

"Nee, dis my broer."

Hy het gesê: "Dis reg, dis—dis—dis my suster." Wat dit was, sy halfsuster.

"Wel," so hy het gesê: "wel, ek sal haar na die paleis toe neem, en ek . . . sy sal my vrou word, en ek sal jou net 'n klomp goed gee. Sien?"

"Goed."

So hy het haar soontoe geneem.

243 En kan jy jou voorstel 'n man wat so-iets doen? So, hy het soontoe gestap . . . Sien, waarom—waarom—waarom het hy dit gedoen? Waarom het hy toegegee? Hy was buite die belofte, hy het afgegaan na Gerar.

244 Dis waarom julle vroue julle hare afknip, en grimering gebruik, en julle mans sigarette rook, en—en maak soos julle maak, julle verlaat die belofte, en bly steeds diakens, en lidmate, ensovoorts, soos hierdie Baptiste, Presbiteriane, Metodiste, Pinksters, ensovoorts, julle verlaat net die belofte, dis al, die duiwel het julle enige . . . Bly hier oorkant, waar julle hoort, deurgebid! Dis reg, laat die duiwel met julle praat, luister na hom.

245 Nou, hier was hy, wat daarbuite gesit het as 'n klein, skelm lafaard. Daar gesit . . . God vergewe my dat ek so van Sy profeet praat, maar ek probeer 'n punt hier maak.

246 Nou, ons kyk, ou Abiméleg het soontoe gegaan, en ek kan my voorstel daardie aand nadat hy sy bad gevat, en sy pajamas aangetrek, en sy gebede opgesê, en sy tone uitgesteek het soos *daardie*, "O, ek het uiteindelik die een gevind wat ek wou hê. Hmm!" Op die bed gelê, gesê: "Môre, sal ek met hierdie mooi, Hebreeuse vrou trou." Hulle het haar mooi opgemaak met oorbelle, en al hierdie soort dinge, julle weet. "O, hoe pragtig lyk sy! Môre, sal ek met haar trou."

247 En terwyl hy daar op die bed gelê het, het die Here gesê: "Jy kan net sowel 'n dooie man wees." Daardie goeie, heiligheidsbroer, maar Hy het gesê: "Jy kan net sowel 'n dooie man wees." Gesê: "Daardie vrou is die vrou van 'n ander man."

Wel, het hy gesê: "Here, U ken die integriteit van my hart. Het sy dit nie vir my gesê nie?"

"Ja, Ek weet."

"Het hy my nie gesê nie?"

248 "Ja, Ek weet, dis waarom Ek jou gekeer het om teen My te sondig. Nou, haar man is My profeet." Amen. Nou, as julle genade wil sien, kyk hierna. Daarbuite gesit en lieg oor sy vrou. "Maar haar man is My profeet. Ek sal nie jou gebede hoor nie, maar jy neem haar terug, en laat hom vir jou bid, en dan sal Ek jou genees."

249 O, halleluja! O, broer, kan jy dit sien? Die Saad van Abraham geanker in Jesus! "Haar man is My profeet." Daar het julle dit. "Neem sy vrou terug na hom toe, en gee hom 'n offerande, en laat hom vir jou bid," want Hy het elke skoot toegemaak. Dis reg. Die volk sou net doodgegaan het, en net nie meer daarvan gewees het nie.

250 Maar hy was gewillig, hy was 'n goeie man, het hy gegaan en die vrou teruggeneem en haar herstel, en God het hom geseën en Abraham geseën. Toe het hy teruggegaan na sy tuisland, reguit terug na die plek waar die Engel hom ontmoet het, en die teken gewys het deur Sy rug te draai. Daardie selfde God lewe vanaand.

251 Ek gaan nie tyd hê om hierdie ander te maak nie, ek sal dit môre by Sondagskool kry, hierdie laaste klein opmerkinkie hier. Ek het—ek het nog die 21ste, 20ste, laaste deel van die 20ste en 21ste hoofstuk, met 'n paar Skrifte daar wat ek graag wil gebruik. En ek sal dit môre by die Sondagskool kry, hoe Hy hom opneem en Jehova-Jireh word.

252 O, broer, die Engel van die Here is—is hier, vanaand. Hy's Jehova God in julle vlees, Hy's Jehova God in my vlees, daardie selfde God sterf nooit nie, Hy's net so werklik. Die ding daarvan is, die mense herken Hom nie. Hulle doen dit nie he-. . .En wanneer Hy wel kom, sê hulle: "Wel, baie goed, reken ek. Lyk goed, um-hum. Ek reken dis reg."

253 O, broer, as elke Woord in daardie Bybel nie waar is nie, is dit nie God se Woord nie, is dit nie God se Woord as dit nie is nie. Maar as Dit is, dan is Dit—Dis. . .as die. . .As God Sy Woord bevestig, dan is Dit waar. Amen. God hou Sy Woord, glo julle dit nie?

254 Hy's hier, Hy's hier. Ek sê dit in die Naam van die Here. Dink Hy is? Nou, Hy kan my vlees gebruik net soos Hy sommige kon skep, want Hy het my gemaak, in elk geval. Hy kon jou vlees gebruik, Hy het geskep, jou gemaak, dink jy nie so nie? Nou, as jy net jou hart sal oopmaak, en jouself uit die pad uit kry, sal Hy inkom, kan jou gebruik. Hy's dieselfde God, Hy gee dieselfde tekens. Amen. Glo julle dit? Kyk na Hom, laat ek my rug draai, bid vir iets wat verkeerd is met jou. O, dis 'n uitdaging.

255 Ja, meneer. Hier's 'n man voor my, hier staan hy reg. . .Laat ek nou sien, waar is hy? Sit reg daaragter, das oop hiervoor, ligte pak aan, yl hare aan die bokant, wat ly aan hartprobleme. Die man met die grys pak aan, wat hier sit en reguit na my kyk, jy

het gebid: "Here, laat hy my aanraak." Dis reg? Steek jou hand op as dit reg is. Dat dieselfde Engel gekom het, my vertel het wat hy in sy hart gesê het, waarom is dan nie dieselfde God nie? Jou hartprobleem is verby, Broer, gaan huis toe en wees gesond. Amen. Jy sou nie toevallig 'n gebedskaartjie hê nie, sou jy? Jy het nie 'n gebedskaartjie nie, het nie een nodig nie.

256 Sien julle wat ek bedoel? Die. . . Sien, hy kom net by. Ek het omgekyk, ek het hom daaragter sien staan, daardie yl hare, ek het gekyk, ek het gedink: "Waar is hy?" Ek het daar agter gekyk en daar was hy, hy het daar gesit. Die man, net, ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie.

As ons vreemdelinge is, steek jou hand op, meneer. Was elke woord wat gesê is, reg? Was dit wat jy gedink het, wat jy gedoen het? Daar het julle dit.

257 Wat het Hy toe gesê? Toe die, daardie Man wat daar sit, God in Sy vlees, hierdie Man se vlees, gesê het: "Waarom het Sara in haar hart gesê, dat dit nie kan gebeur nie?" Dan kom dieselfde Engel hier. En gesê: "Hoekom het. . .? Jy het gesê dit sal gebeur, laat Hom my aanraak." Amen.

258 O, waarom so onbewus wees? Amen. Hê net geloof. Sien julle nie, vriende? Kan julle wakker word, Pinkstermense? Waarom byt julle nie julle gewete nie? Waarom knyp julle nie julle siel nie?

Amen. Nou, dit begin oral. O, Jehova-jireh, die Here is in staat om vir Homself 'n offerande te voorsien. Amen. Hê geloof.

259 Wat dink jy, Broer? Ek reken julle mag dink ek is rof, ek is nie. Ek's julle broer, ek's julle broer. Dis reg, Broer, ek het jou lief. Ek besef ek is in 'n—'n organisatoriese kerk hier, Gemeente van God, een van my grootste borge, my broers. Maar wat ek haat om te sien, is dat dit koud word en afkoel. Ek's nie teen daardie organisasie nie, ek's nie teen die Eenheidsbroers daarbuite, of die Metodiste, of die Baptiste nie, ek sê dieselfde ding oral, maar wat ek probeer sê: "Skud jouself, broer. Haal jou oë van hierdie dinge af."

260 Hier, wag 'n oomblik, 'n vrou het hier voor my verskyn, iemand wat bid, neuritis, oë. Die vrou het 'n rooi rok aan. Hier sit sy net hier. Glo jy dat Hy jou sal genees? Mev. Curry, as jy dan met jou hele hart sal glo, sal God jou gesond maak. Dis reg, steek jou hand op. Goed, daar het julle dit.

261 Ek daag julle uit om dit te glo. Wat is dit? Dieselfde Here God Almagtig, Hy's hierbinne, wat in menslike vlees woon. Halleluja! Halleluja! O, goeiste! Sy Gees is oraloor die gebou.

262 Waar was daardie vrou waarmee Dit gepraat het? Waar is sy? Is, was dit jy, dame? Die vrou waarmee Dit net toe gepraat het, waar was dit? O, hier, hierdie dame, ja. Goed. Aanvaar jy nou jou genesing? Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit in my lewe gesien

nie, weet niks van jou af nie, maar daardie dinge is waar, was dit nie?

Daar het julle dit. Goed. Goed. Sien, ek het haar nog nooit gesien nie, daar's my hande voor God. Sien wat Hy doen?

263 O, broer, suster, as jy net uit jou dop sal uitkom, daaruit trek! Kom uit, lê jouself voor God, en sê: "Here God, ek bring niks in my arms nie, net aan U kruis klou ek vas." Dis reg.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars prys;
Gee Hom die eer, al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars prys;
Gee Hom die eer, al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Ek het Hom lief, ek . . .

O, goeiste, aanbid Hom. Die harde, reguit preek is nou verby, laat ons Hom aanbid.

. . . Hy my eerste liefgehad het (Het julle Hom
nie lief nie? Is Hy nie wonderlik nie?)
. . . gekoop . . . verlossing
Op Gólgota's boom.

Ek sal Hom prys, (Voel julle nie nou heeltemal
uitgeskuur nie?) Ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars prys;
O, gee Hom die eer, al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

264 O, doen dit nie iets aan julle nie? Die snydende Gees wat deur die gebou gaan, kap, besny. Wat beteken die woord *besnydenis*? "Oortollige vlees afsny." Die kerk het te veel oortollige vlees, die Swaard van God kap dit af, dan wanneer ons het, voel ons almal besny en skoon. Paulus het gesê: "Ek aanbid Hom, ek aanbid Hom in die Gees."

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars prys;
Gee Hom die eer, al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

265 O, is Hy nie wonderlik nie? Is daar 'n sondaar hier wat weet dat God 'n belofte maak, God Sy belofte hou? God spreek hier, en as enige man wat die Woord van God preek, sal God Sy Woord rugsteun. Nou, jy hoef nie daaroor te wonder nie, Hy's lewendig, Hy's nou hier. Wil jy Hom as jou Verlosser hê? Kom op na die altaar as jy wil, terwyl ons weer sing. "Ek sal Hom prys, die Lam geslag vir sondaars prys." Goed. Sal jy na die altaar toe kom?

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,

Die Lam geslag vir sondaars prys;
Gee Hom die eer, al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

266 O, wonderlik! Wat sou in Indië gebeur as daardie altaar-oproep so gemaak is? Julle sou moes terugstaan, hulle sou julle verdring, derduisende wat instroom rondom die altaar, hulle het Hom lief, wanneer hulle God sien, nie 'n materiële nie, nie 'n God wat 'n historiese God is nie, 'n God wat hedendaagse God is.

267 'n God uit die geskiedenis maak Homself. . .Ek sal hierdie volgende week preek: *Die God Van Geskiedenis Wat Op Die Toneel Kom*. Kyk of Hy 'n historiese God is, of Hy nie dieselfde God is, vandag nie. Amen. Ek het Hom lief, het julle nie?

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
Goddelike Verlosser;
Nou hoor my terwyl ek bid,
Neem al my sondes weg,
O laat my van hierdie dag
Net Uwe wees!

Terwyl ek die lewe se donker doolhof bewandel,
En droefheid om my versprei,
Wees U my Gids;
Laat duisternis verander in dag,
Vee droefheidstrane af,
Laat my ook nooit afdwaal
Van U af weg.

Sal iemand anders nie hulle pad om die altaar maak terwyl hierdie hier is, berouvolle siele wat ween nie?

My geloof kyk op na U,
U Lam van. . .

Komaan, sondaarvriend, jy sal nooit nader wees nie.

Goddelike Verlosser;

Wat van die louwarm Christen? Waarom kom jy nie op, bid deur nie?

Nou, hoor my terwyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
Laat my ook nooit afdwaal
Van U af weg.

268 Sal jy nie kom nie? Kom sag, nederig na die kruis toe. God seën julle, hulle wat kom. Beweeg reguit ondertoe en kom nou in, rondom die altaar. Laat ons 'n tyd van gebed hê. Waarom nie hulle wat 'n bietjie klam voel in julle gees nie? Komaan, dierbare Suster, ek sien jou reg bo in die balkon kom, kom.

Net soos ek is, sonder een pleidooi,

Behalwe dat U Bloed vir my gestort is,
Omdat U belowe het, glo ek,
O Lam van God, ek kom!

Dis reg. Nou sal die koudheid begin breek.

Net soos ek is, sonder een pleidooi,
Behalwe dat U Bloed vir my gestort is,
Want ek belowe . . . ek kom na U toe,
O Lam van God, ek kom! Ek kom!

Net soos ek is, en sonder aarseling
Om my siel te bevry van een donker vlek,
Aan U, Wie se Bloed elke vlek kan reinig,
O Lam van God, ek kom! Ek kom!

269 Nou, elkeen van julle, buig julle hoofde, steek julle hande op na God, en begin bid, bid julle self. Gaan reguit af en begin bid. Dis dit . . .?. . .

61-0211 Abraham
Eerste Gemeente Van God Van Long Beach
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org